



UNIVERSITEIT  
iYUNIVESITHI  
STELLENBOSCH  
UNIVERSITY

**100**  
1918 - 2018

**VERSLAG AAN DIE RAAD  
DEUR DIE VERANTWOORDE-  
LIKHEIDSENTRUM:  
STRATEGIE EN  
INTERNASIONALISERING  
VIR DIE JAAR 2019**


Verslag voorgelê deur prof Hester C Klopper,  
Vise-Rektor: Strategie en Internasionalisering

10 September 2019

**FORWARD  
TOGETHER**

**SAAM  
VORENTOE**

**MASIYE  
PHAMBILI**



# INHOUDSOPGAWE

<b>BESTUURSOPSOMMING</b> .....	<b>6</b>
<b>DANKBETUIGING</b> .....	<b>7</b>
<b>I. INLEIDING EN AGTERGROND</b> .....	<b>8</b>
1.1 Die afdelings van die verantwoordelikeheidsentrum .....	8
1.2 Bydrae tot die institusionele strategiese doelwitte.....	10
<b>2. 'N FLORERENDE UNIVERSITEIT STELLENBOSCH</b> .....	<b>10</b>
2.1 Sistemiese volhoubaarheid .....	10
2.1.1 Aansluiting by internasionale universiteitsalliansie oor die klimaat (GAUC) .....	10
2.1.2 Fakulteitsvernuwing.....	11
2.1.3 Institusionele finansiële volhoubaarheid .....	12
2.1.4 Ontwerp van volhoubare akademiese programme .....	13
2.1.5 Die skryf van 'n toegespitste US Internasionaliseringstrategie .....	14
2.1.6 Implementering van 'n hersiene reglement vir die US Strategiese Fonds .....	15
2.2 Studentegerigte volhoubaarheidsveldtogte .....	16
2.3 Inwerkingstelling van die nuwe visie en strategiese raamwerk .....	16
2.4 Die skryf en implementering van Strategiese Plan 2019 – 2024 .....	18
2.5 Versoening van omgewingsplanne met die Strategiese Plan .....	18
2.6 Strategiese belyning van die US-handelsmerk.....	19
2.7 Optimale bestuur van reputasierisiko .....	19
2.8 Navorsing en innovasie in die media.....	20
2.9 Die bekendstelling van 'n nuwe institusionele narratief.....	20
2.10 Die US en wêrelduniversiteitsranglyste .....	21
2.11 Voldoening aan wetgewing oor toegang tot inligting en privaatheid .....	22
2.12 Stelselvernuwingsprojek .....	23
2.13 Inligtingstelsels vir HEMIS en statutêre verslagdoening.....	23
2.14 Jaarlikse eksterne audit van data oor personeellede, studente en kliniese opleiding.....	24
2.15 Die bedryfsintelligensiestelsel SUN-i .....	24

<b>3. 'N TRANSFORMERENDE STUDENTE-ERVARING .....</b>	<b>25</b>
3.1 Studentesukses – die ontwerp en implementering van 'n omvattende tredhou- en ontwikkelingsstelsel .....	25
3.2 In- en uitwaartse studentemobiliteit.....	25
3.3 Akademiese kortprogramme vir internasionale studente .....	26
3.4 Internasionale kortprogramme vir Stellenbosse studente.....	27
3.5 Nuwe Study Abroad-inisiatiewe .....	28
3.6 Uitbreiding van die US se internasionale studentekohort.....	28
3.6.1 Oorsig van die internasionale werwingsinisiatief <i>StudyInternational.com</i> .....	28
3.6.2 Studentewerwing in Namibië.....	29
3.7 Daarstelling van sakevernuf wat wêreldwyd hoë aansien geniet – US Bestuurskool (USB) .....	30
<b>4. DOELGERIGTE VENNOOTSAPPE EN INKLUSIEWE NETWERKE.....</b>	<b>31</b>
4.1 Universiteitsdorpkonferensie, 28 tot 30 November 2018.....	32
4.2 Suid-Afrika-Swede-universiteitsforum (SASUF) .....	33
4.3 Stellenbosch Internasionale Akademiese Netwerk (SIAN).....	34
4.4 Going Global-konferensie .....	35
4.5 BRICS-universiteitsliga (BRICS UL).....	35
4.6 Ontwikkeling van nuwelingsnavorsers deur Vereniging van Statebondsuniversiteite (ACU).....	35
4.7 Vermoëbou vir universiteitsregistrateurs deur Vereniging van Afrika-universiteite (AAU) .....	36
4.8 SA Japannese Universiteite (SAJU).....	36
4.9 Akademiese Raad oor die Verenigde Nasies-stelsel (ACUNS).....	36
4.10 EU-intra-Afrika-program.....	37
4.11 Samewerking in Afrika met behulp van die US se Afrika-samewerkingstoelaag (ACG) .....	38
4.12 AU/NEPAD SANWATCE.....	38
4.13 Confucius-instituut.....	39
4.14 Internasionale besoeke aan en afvaardigings na die US.....	39
4.15 Uitbreiding van verhoudinge met ons groeiende internasionale alumni-gemeenskap .....	39

<b>5. GENETWERKTE EN SAMEWERKENDE ONDERRIG EN LEER .....</b>	<b>42</b>
5.1 Verkenning van die gebied van datawetenskap en berekeningsdenke.....	43
5.2 eLearning Africa-konferensie, Kigali, Rwanda, 26 tot 28 September 2018 .....	43
<b>6. NAVORSING VIR IMPAK .....</b>	<b>43</b>
6.1 Alliansie van Afrika-navorsingsuniversiteite (ARUA).....	44
6.2 Bekendstelling van US Afrika-platform.....	44
6.3 Afrikasentrum vir Akademieskap (ASA) .....	46
6.3.1 Afrika Doktorale Akademie (ADA) .....	46
6.4 Instelling van gesamentlike skole .....	47
<b>7. VOORKEURWERKGEWER .....</b>	<b>49</b>
7.1 Doktorale program vir universiteitspersoneel van Suid-Afrika en die Verenigde Koninkryk (USDP) .....	49
7.2 Internasionaliseringsopleiding vir professionele administratiewe steunpersoneel.....	49
7.3 Erasmus+-program.....	49
<b>8. DWARSLIGGENDE STEUN DEUR GEÏNTEGREERDE KOMMUNIKASIE .....</b>	<b>51</b>
8.1 #SUgrad .....	51
8.2 Interne kommunikasie (digitale nuusbriewe en massa-e-posse) .....	51
8.3 Sosiale media .....	52
8.3.1 Facebook.....	53
8.3.2 Twitter .....	53
8.3.3 Instagram.....	53
8.3.4 LinkedIn.....	54
8.4 US-webtuiste .....	54
8.4.1 Gradeplegtigheidsblad.....	55
8.4.2 Studente .....	56
8.4.3 Fakulteitsblad .....	57
8.4.4 Nuus-en-mediablad.....	58
8.4.5 US-tuisblad.....	59
8.4.6 Personeel .....	60
8.4.7 US Internasionaal in die media (US-webtuiste en sosiale media).....	62
8.4.7.1 US-webtuiste.....	62
8.4.7.2 Sosialemediaplatforms .....	63
8.5 Eksterne kommunikasie (US in die nuus) .....	63

<b>9. SLOT .....</b>	<b>65</b>
<b>Bylaag A – Statistieke oor studentemobiliteit.....</b>	<b>67</b>
<b>Bylaag B – Universiteit Stellenbosch Bestuurskool (USB) se aktiwiteite met betrekking tot internasionalisering.....</b>	<b>70</b>
<b>Bylaag C – Besoeke met betrekking tot studentemobiliteit en institusionele samewerking.....</b>	<b>77</b>
<b>Bylaag D – Deelnemers aan die universiteitsdorpkonferensie van buite Stellenbosch .....</b>	<b>86</b>
<b>Bylaag E – SIAN-deelnemers.....</b>	<b>87</b>
<b>Bylaag F – Aktiwiteite met ander Afrika-vennote in die verslagtydperk .....</b>	<b>88</b>
<b>Bylaag G – Inwaartse personeelmobiliteit.....</b>	<b>90</b>
<b>Bylaag H – Uitwaartse personeelmobiliteit .....</b>	<b>91</b>
<b>Tabel 1: Volhoubaarheidsverslae vir nuwe programvoorleggings in 2019.....</b>	<b>14</b>
<b>Tabel 2: Kortprogramaanbod deur die Global Education Centre in 2019.....</b>	<b>26</b>
<b>Tabel 3: GEC-kortkursusaanbod pasgemaak volgens behoeftes van tuisinstelling.....</b>	<b>27</b>
<b>Tabel 4: Mobiliteitsgeleenthede geskep deur TRECCA I-program .....</b>	<b>37</b>
<b>Tabel 5: Samevatting van EACEA-projekte met vennootinstellings .....</b>	<b>37</b>
<b>Tabel 6: US-aangevoorde gesamentlike doktrale skole by vennootinstellings in Afrika .....</b>	<b>48</b>
<b>Tabel 7: US-deelname aan hoëronderwysvermoëbouprojekte.....</b>	<b>50</b>

## BESTUURSOPSOMMING

Nadat die Raad die nuwe Visie 2040 en Strategiese Raamwerk 2019 – 2024 in Junie 2018 goedgekeur het, het die Verantwoordelikhedsentrum: Strategie en Internasionalisering (VS S&I) die strategieaanvaardingsproses die afgelope jaar verder gevoer van konseptualisering tot inwerkingstelling (<http://www.sun.ac.za/english/about-us/strategic-documents>). Die VS het nie net leiding gebied nie met die skryf van die uitvoerige bedryfsplan, oftewel Strategiese Plan 2019 – 2014, maar het ook die gesamentlike skepping van universiteitswye, geïntegreerde omgewingsplanne ter ondersteuning van die instelling se kern strategiese temas gefasiliteer. Sodoende is kernbedrywighede so deeglik moontlik met die instelling se oorhoofse strategiese doelwitte en prioriteite versoen.

Met die verskillende wedywerende institusionele prioriteite vir die huidige jaar én die onmiddellike toekoms in gedagte, het die VS S&I pertinent aandag geskenk aan die hersiening en wysiging van die reglement vir die Universiteit se Strategiese Fonds. Die Rektoraat het die hersiene reglement op 9 April 2019 goedgekeur. Die evaluering van die aansoeke in eerste rondte vir 2019 is op 28 Augustus 2019 afgehandel.

Om die visie en strategie verder te ondersteun, is ons ook besig met finale afronding aan die paneelbord van strategiese bedryfsaanwysers (SBA's) sodat ons kan tred hou met die implementering van ons strategie oor die volgende vyf jaar.

Boonop het die instelling in die oorsigtydperk beduidende vordering gemaak om aan die Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting (POPIA) te voldoen. Straks die belangrikste ontwikkeling in dié verband was die Rektoraat se goedkeuring van 'n institusionele Dataprivaatheidsregulasie op grond van die VS S&I se kommentaar en aanbevelings oor die hersiene nasionale Regulasies insake die Beskerming van Persoonlike Inligting (wat op 14 Desember 2018 uitgereik is). Die US se Dataprivaatheidsregulasie het op 1 Maart 2019 in werking getree.

Wat toekomsgerigte internasionalisering betref, het die VS die Universiteit se internasionale vennootskappe en samewerkingsnetwerke aansienlik uitgebrei. Sodoende is die US se internasionale statuut en betrokkenheid verder versterk in pas met die strewe om ál die instelling se studente 'n transformerende leerervaring te bied, om die Universiteit wêreldwyd meer relevant te maak en om die internasionale handelsmerkerkenning van die Universiteit uit te bou. Hierdie inisiatief word institusioneel ondersteun deur die goedkeuring van die Universiteit Stellenbosch Strategie vir Internasionalisering deur die Rektoraat op 27 Augustus 2019 nadat belanghebbende groepe deur die hele Universiteit hieroor geraadpleeg is.

Ná die goedkeuring van Visie 2040 en Strategiese Raamwerk 2019 – 2024 het die behoefte ontstaan om te bepaal of die US se huidige visuele identiteit en strategiese kommunikasie die instelling se toekomsvisie en -strewes akkuraat oordra. Vir dié doel is 'n handelsmerkopvattingsoudit as deel van die handelsmerkwaardasieproses onderneem. Hierdie omvattende audit gedurende die verslagtydperk het die vernaamste US-belanghebbendegroepe se opvattinge en sienings oor die handelsmerk ondersoek. Die audit is uitgevoer met die ondersteuning van 'n eksterne agentskap, Brand Finance, wat internasionaal bekend is vir hulle werk op die terrein van handelsmerkontwikkeling en -bestuur.

Deur die toegespitste bedrywighede van sy vier afdelings het die VS in die verslagtydperk daadwerklik bygedra tot die verwesenliking van die Universiteit se kern strategiese temas: 'n florerende Universiteit Stellenbosch, 'n transformerende studente-ervaring, doelgerigte vennootskappe en inklusiewe netwerke, genetwerkte en samewerkende onderrig en leer, navorsing vir impak, en voorkeurwerkgewer.

## **DANKBETUIGING**

Die sukses van enige entiteit berus grootliks op die gehalte en toewyding van sy personeellede. Hierdie verslag dien as 'n toonvenster vir die werk deur die vier afdelings wat onder hierdie VS tuishoort. Ek spreek graag my opregte waardering uit teenoor elke personeellid in ons VS, en veral die senior direkteure aan die stuur van die vier afdelings – prof Ian Cloete (Inligtingsoorsigbestuur), mnr Robert Kotze (US Internasionaal), dr Phumzile Mmope (Korporatiewe Kommunikasie) en dr Barbara Pool (Strategiese Inisiatiewe). Ek bedank ook graag my persoonlike assistent, me Hazel Alexander, en ons VS-bestuurder (met ingang van 1 Maart 2019), mnr Mohamed Shaikh, vir hul voortgesette steun ver buite hul posoms krywings.

Dankie aan prof Wim de Villiers, Rektor en Visekanselier, dat hy ons die ruimte gun om hierdie VS uit te bou; aan my medelede van die Rektorat vir hulle ondersteuning, en aan die Universiteitsgemeenskap vir hulle waardevolle bydraes.

# I. INLEIDING EN AGTERGROND

Die voorneme van die verantwoordelikhedsentrum Strategie en Internasionalisering (VS S&I) is om die belang van strategie in die strewende na sistemiese volhoubaarheid te beklemtoon en om internasionalisering as 'n noodsaaklike strategiese vereiste vir die Universiteit te posisioneer.

Uit 'n bedryfsoogpunt konsentreer die portefeulje op die strategiese posisionering van die Universiteit Stellenbosch (US) om as 'n 21ste-eeuse universiteit te floreer deur relevant te bly en sy soepelheid en responsiwiteit in die hoogs mededingende en immer veranderende nasionale en internasionale hoëronderwysmark te versterk. Vir dié doel versoen en integreer die VS die omgewingsplanne van al die fakulteite, departemente, sentrums en steunafdelings van die Universiteit, en sorg dat die US sy doel voor oë hou om Afrika se voorste navorsingsintensiewe universiteit met 'n wêreldwye reikwydte te wees.

Soos reeds aangedui, is internasionalisering 'n ander voorrangsaak vir die VS. Internasionalisering by die US neem die vorm aan van 'n doelgerigte institusionele verbintenis om 'n internasionale, interkulturele en globale element by alle aspekte van die Universiteit te integreer, met die strategiese doel om navorsing, innovasie, leer en onderrig tot diens van die samelewing te bevorder. Sodoende wil die portefeulje die US as 'n internasionaal erkende navorsingsintensiewe instelling vestig en verstewig.

In die kenniseconomie, wat sterk op data steun, is inligting 'n kernbater en waardevolle hulpbron – veral om ingeligte besluitneming en strategiese beplanning te fasiliteer. In pas met hierdie wêreldwye tendens gebruik die VS kern strategiese aanwysers om 'n stewige grondslag te bied vir kennisbestuur en die monitering en evaluering van vordering met die Universiteit se kern strategiese temas. Die doel is om alle noodsaaklike inligting en belangrike data so te konsolideer dat dit nie net toeganklik is nie, maar ook as rigsnoer vir bedryfsbesluite in die snelontwikkelende hoëronderwyswêreld kan dien. In dié verband help ontwikkel die VS nie net die institusionele maatstawwe vir leweringsdoelwitte nie, maar hou ook deurlopend tred met die verwesenliking van die vasgestelde kern strategiese doelwitte in die Universiteit se Strategiese Plan 2019 – 2024.

Die VS se bedrywighede hou uiteraard direk verband met die beeld en reputasie van die Universiteit, sowel plaaslik as internasionaal. 'n Goeie voorbeeld hiervan was die US se Eeufeesvieringe gedurende 2018 (sowel as 'n groot gedeelte van 2019). In die lig van die sterk (en soms deurslaggewende) impak van die aktiwiteite van die VS S&I op die beeld en reputasie van die Universiteit, was dit uit 'n bedryfsperspektief sinvol om institusionele kommunikasie in al sy veelvuldige vorme by die VS se verantwoordelikhede in te sluit. Na 'n besluit met dié strekking deur die Rektor en Visekanselier het die Afdeling Korporatiewe Kommunikasie op 1 April 2019 amptelik deel geword van die VS S&I.

Die dwarsliggende verantwoordelikhede van die VS is daarop afgestem om die ses kern strategiese temas van die Universiteit te ondersteun en te versterk, naamlik 'n florerende Universiteit Stellenbosch; 'n transformerende studente-ervaring; genetwerkte en samewerkende onderrig en leer; doelgerigte vennootskappe en inklusiewe netwerke; navorsing vir impak, en voorkeurwerkgewer. In navolging van die institusionele gebruik word die bedrywighede van die VS S&I gedurende die oorsigtydperk dus in hierdie verslag aan die hand van voormelde kern strategiese temas uiteengesit.

## I.1 Die afdelings van die verantwoordelikhedsentrum

Die VS bestaan uit die volgende vier afdelings: Universiteit Stellenbosch Internasionaal, die Afdeling Strategiese Inisiatiewe (SI), die Afdeling Inligtingsoorsigbestuur (IOB) en die Afdeling Korporatiewe Kommunikasie.

**Die Afdeling Strategiese Inisiatiewe (SI)** is voortdurend op soek na maniere om aangewese strategiese intervensies aan te stel en in werking te stel. SI koördineer, beplan en bestuur strategie-ontwikkeling en -beplanning sowel as strategie-uitvoering en -verslagdoening op 'n geïntegreerde manier. Dít sluit in die bestuur van die Strategiese Fonds en die beoogde eenheid vir die monitering en evaluering van die oorhoofse US-strategie en verbandhoudende aspekte.



**Die Afdeling Inligtingsoorsigbestuur (IOB)** en sy sentrums vir Institusionele Inligting, Studente-inligtingstelselondersteuning en Bedryfsintelligensie ondersteun institusionele strategie, beplanning en beleidsontwikkeling. IOB is geskep om dataontleding, bedryfsintelligensie en wetenskaplike modellering aansienlik te versterk ten einde strategiese besluitneming, scenariobeplanning en vooruitskattings met betrekking tot kernaspekte van die instelling se sistemiese volhoubaarheid te ondersteun.

**Universiteit Stellenbosch Internasionaal (USI)** werk internasionalisering in die hand deur 'n omvattende proses wat fakulteite en steunomgewings by doelgerigte multilaterale alliansies en bilaterale vennootskappe met die klem op Afrika en ander strategies geïdentifiseerde vennote betrek. Dít dra by tot innoverende en transformerende akademieskap, internasionale samewerking en nuwe kennisekonomieë in plaaslike, streeks- en wêreldverband. Daarbenewens voorsien USI globale onderrigintervensies aan sowel die internasionale as plaaslike studentegemeenskap om hulle 'n transformerende studente-ervaring te bied. Hierdie intervensies word deur 'n toegewyde diensteplatform ondersteun.

**Die Afdeling Korporatiewe Kommunikasie** ondersteun die instansie deur sy Geïntegreerde Kommunikasiestrategie (GKS). Laasgenoemde maak voorsiening vir 'n veelsydige benadering wat die Universiteit se strategiese doelwitte op 'n dwarsliggende manier bevorder deur die US-handelsmerk gunstig te posisioneer, geïntegreerde kommunikasieprosesse en -programme te voorsien en digitale kommunikasieplatforms optimaal te benut.

Hieronder volg 'n visuele voorstelling van die waardevoorstel van die VS S&I.



*Figuur 1: 'n Visuele voorstelling van die waardevoorstel van die verantwoordelikhedsentrum Strategie en Internasionalisering*

## **1.2 Bydrae tot die institusionele strategiese doelwitte**

Teen hierdie agtergrond kan die bydrae van die vier afdelings van die VS S&I tot die strewende na die US se strategiese doelwitte soos volg saamgevat word:

- Om Visie 2040 en Strategiese Raamwerk 2019 – 2024 (sowel as die instaatstellende Strategiese Plan) deur die hele instelling te bely – met inbegrip van waardes, kenmerke, kern strategiese temas, strategiese institusionele doelwitte, die US se vooruitskouende bedryfsplan en prestasieaanwysers
- Om ons studente en personeellede se lewens deur transformerende internasionale ervarings (sowel buitelandse as tuis) te verander
- Om toegang tot geïntegreerde data vir beplanning en besluitneming te voorsien
- Om die US-handelsmerk as ’n belangrike rolspeler in die hoër onderwys in Afrika én internasionaal sowel as in die deel van inligting te posisioneer

## **2. ’N FLORENDENDE UNIVERSITEIT STELLENBOSCH**

Wat hierdie kern strategiese tema betref, lui ons Visie 2040 en Strategiese Raamwerk 2019 – 2024 soos volg: “Om die US ’n florerende organisasie te maak, beoog ons ’n lewenskragtige, voorspoedige en sistemies volhoubare universiteit”, en word “florerend” omskryf as “om sukses te behaal of bestendige vordering te maak; om voorspoedig te wees; om te gedy”.

### **2.1 Sistemiese volhoubaarheid**

In pas met internasionale beste praktyk benader die VS S&I volhoubaarheid uit ’n ekonomiese, ekologiese en maatskaplike hoek. Die ekonomiese element hou verband met die finansiële omsigtigheid, beheer en entrepreneurskap van die instelling; die maatskaplike sy verwys na insluiting, personeel- en studentewelstand sowel as maatskaplike samehang; terwyl die ekologiese aspek betrekking het op groen inisiatiewe in ons bedrywighede en kurrikulums om ons fisiese omgewing te beskerm en te bewaar. Hierdie benadering strook met die Universiteit se Beleid vir die Geïntegreerde Bestuur van Volhoubaarheid.

#### **2.1.1 Aansluiting by internasionale universiteitsalliansie oor die klimaat (GAUC)**

Op grond van die US se uitmuntende navorsingsprestasie en formidabele navorsingsvermoë is die instelling in Mei vanjaar genooi om lid te word van GAUC, die internasionale universiteitsalliansie oor die klimaat. GAUC is in Januarie 2019 gedurende die jaarlikse vergadering van die Wêreld- Ekonomiese Forum in Davos, Switserland, tot stand gebring. Die alliansie beoog om saam te werk aan die bevordering van maatreëls om die Verenigde Nasies se konvensies oor klimaatsverandering en volhoubare ontwikkelingsdoelwitte te ondersteun. Die 12 huidige lede is die Australiese Nasionale Universiteit, die Universiteit van Kalifornië, Berkeley; die Universiteit van Cambridge, Imperial College London, die Londense Skool vir Ekonomie en Politieke Wetenskap, die Massachusetts Instituut vir Tegnologie, die Universiteit van Tokio, Tsinghua Universiteit, die US, die Federale Universiteit van Rio de Janeiro, die Indiese Instituut vir Wetenskap, en Sciences Po.

GAUC se missie is om deur navorsing, onderrig en openbare uitreikaksies na klimaatsveranderingsoplossings te soek, en om met die bedryf, organisasies sonder winsoogmerk sowel as staatsorganisasies saam te werk om die snelle inwerkingstelling van sodanige oplossings op plaaslike tot wêreldwye skaal te bevorder. Dít doen die alliansie deur skakeling en samewerking tussen liduniversiteite te bevorder en die leiding te neem in internasionale hoërsonderwysopgawes om

klimaatsverandering die hoof te bied. Individuele lede van die alliansie moet bewys lewer van 'n **sterk institusionele verbintenis tot groen inisiatiewe** oor die volle spektrum van hulle bedrywighede.

GAUC beoog om bi- of multilaterale samewerkende navorsing oor belangrike wetenskaplike, tegnologiese en ekonomiese beleidskwessies met betrekking tot klimaatsverandering te onderneem ten einde wetenskaplike bewustheid, tegnologiese vernuwing en beleidsontwikkeling te bevorder. Die alliansie moedig veral navorsing aan oor klimaatsveranderingsoplossings wat die strewe na die wêreldwye volhoubare ontwikkelingsdoelwitte ondersteun en die impak op die wêreld se kwesbaarste bevolkings beperk.

In groter samelewingsverband bevorder GAUC die snelle implementering van tegnologiese en beleidsoplossings wat kweekhuisgasvrystellings sowel as die negatiewe impak van klimaatsverandering op die samelewing sal verminder.

Die Rektor en Visekanselier van die US dien in die GAUC-direksie, onder die medevoorsitterskap van die president van Tsinghua University en die president van die Imperial College of London Economics; die Viserektor: S&I is 'n lid van die uitvoerende komitee (en het ook die US teen die einde van Mei 2019 by die eerste uitvoerende vergadering van GAUC in Beijing verteenwoordig); terwyl prof Guy Midgley, 'n gerekende US-navorsers oor die klimaat in die Akademie Raad sal dien. Die volgende uitvoerende vergadering sal tussen 2 en 13 Desember 2019 tydens die Verenigde Nasies se COP25-klimaatkonferensie plaasvind, gevolg deur die direksievergadering in Januarie 2020 by die Wêreld-Ekonomiese Forum in Davos. Ons sien reeds die voordele wat uit die GAUC-netwerk voortvloei. Prof Wim de Villiers en prof Hester Klopper sal van 14 tot 22 Oktober 2019 'n besoek aan Tsinghua University en ander Chinese universiteite bring, terwyl die bestuurspan van Tsinghua University in die week van 23 tot 29 November 2019 'n besoek aan die Universiteit Stellenbosch sal bring.

### **2.1.2 Fakulteitsvernuwing**

Gedurende die skryf van die US se Institusionele Plan 2017 – 2022 het dit aan die lig gekom dat die fakulteite Opvoedkunde sowel as Lettere en Sosiale Wetenskappe gevaar loop om onvolhoubaar te wees. Gevolglik het die Rektooraat besluit om 'n vernuwingstrategie vir dié twee fakulteite in werking te stel. Die klem van die strategie val op sistemiese volhoubaarheid as 'n noodsaaklike vereiste.

Hierdie proses is deur die kantoor van die Viserektor: Strategie en Internasionalisering gekoördineer nadat die Rektooraat dit as 'n strategiese inisiatief aan die VS S&I gedelegeer het weens die behoefte aan 'n omvattende beoordeling van die bedrywighede en akademiese realiteite van die twee kwesbare fakulteite. Die beoordeling het 'n deeglike ontleding van alle bedryfsaspekte onder leiding van 'n beheerkomitee (en kleiner werkgroepe) behels. 'n Wye verskeidenheid eksistensiële sake is ondersoek, waaronder die huidige finansiële stand van die twee fakulteite, optimale fakulteitstrukture, die identifisering en versterking van finansiële lewensvatbare modules, akademiese programvernuwing, kommersialiseringsmoontlikhede, veranderingsbestuur en moontlike herskikking. Die US Raad het die voorgestelde vernuwingstrategieë vir die twee fakulteite op 2 Desember 2018 goedgekeur met die versoek dat die betrokke dekane die Rektooraat van kwartaallikse vorderingsverslae voorsien, waarna 'n jaarverslag teen November 2019 voorgelê moet word.

Van die vernaamste vernuwingsaktiwiteite wat gedurende die verslagtydperk in werking gestel is, is soos volg:

#### **Fakulteit Opvoedkunde**

- Die aanstelling van prof Mbulungeni Madiba as Dekaan van die Fakulteit Opvoeding op 1 September 2019
- Verskuiwing van Sportwetenskap van die Fakulteit Opvoedkunde na die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe vanaf 1 Januarie 2019
- Inkorting van besteding aan lae-inkomstemodules

- Infasering van nuwe klasgeld vir BEd- en BEd-honneursprogram (om teen 2022 altesaam R11,3 miljoen by te dra)
- Doelbewuste poging om die Universiteit Stellenbosch se Sentrum vir Pedagogie (SUNSEP) ten volle selfonderhoudend te maak
- 'n Gewysigde bedryfsmodel vir die Sentrum vir Hoër en Volwasseneonderwys
- Kommersialisering van die Eenheid vir Opvoedkundige Sielkunde
- Akademiese programvernuwing
- Nuwe fooistruktuur vir magisterprogramme vanaf 2019
- Moontlike herskikking van die struktuur van die Fakulteit Opvoedkunde

### **Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe**

- Geen besteding in die geval van begrotingstekorte
- Inkorting van Dekaan se publikasieaansporings, nagraadse beurse, ad hoc-besteding aan tutors en ad hoc-personeellede in die Departement Musiek
- Implementering van fooiverhogings
- Nuwe fooistruktuur vir magisterprogramme vanaf 2019
- Konsolidasie en deursette van voorgraadse modules
- Geen inname vir magisterprogramme met minder as tien inskrywings nie
- Kommersialisering van die Adam Small Teaterkompleks
- Sentrale beskikbaarstelling van Konservatorium en ander lesingruimtes teen markverwante tariewe



### **2.1.3 Institusionele finansiële volhoubaarheid**

Ná die goedkeuring van Visie 2040 en Strategiese Raamwerk 2019 – 2024 het die VS aan die werk gespring om 'n paneelbord met die belangrikste strategiese aanwysers te ontwikkel wat die Universiteit sal help koers hou in sy missie om die voorste navorsingsintensiewe universiteit op die vasteland te wees. Die finansiële gesondheid van die instelling bly noodsaaklik, ongeag watter strategiese koers die Universiteit inslaan. Met dit in gedagte het die Afdeling Inligtingsoorsigbestuur (IOB) in samewerking met die Afdeling Finansies 'n finansiële paneelbord saamgestel met kernmaatstawwe wat die finansiële gesondheid en status van die instelling aandui. Hierdie maatstawwe maak deel uit van die Universiteit se groter aanwyserpaneelbord. Die implementering van die paneelbord maak dit moontlik om elke aanwyser omvattend te ondersoek en die huidige status met historiese data te vergelyk. Die bestuur moet nog finale teikens vir elke aanwyser vasstel, maar voorlopige waardes is as 'n vertrekpunt bepaal.

Die volgende figure bevat grepe uit die paneelbord.

Jaar / Year  
2018

## Inkomste en Uitgawes vir 2018 Income and Expenses for 2018 Geïntegreerde Jaarverslag Data Integrated Annual Report Data



Die VS S&I konsolideer tans die kern strategiese aanwysers en maatstawwe wat in die US-paneelbord gebruik sal word om tred te hou met hoe die implementering van die kern strategiese temas vorder.

### 2.1.4 Ontwerp van volhoubare akademiese programme

Omdat die akkreditasie van 'n nuwe akademiese program so 'n lang proses is, is akademiëci geneig om uitsluitlik op die vereistes vir suksesvolle akkreditasie te konsentreer, en kry implementering eers aandag nadat akkreditasie bekom is. Dit impliseer dat finansiële beplanning, waaronder studentegeld, direkte koste en soms selfs uitvoerige personeelbeplanning, dikwels eers oorweeg word wanneer die voorbereiding vir werklike implementering begin.

Daar is derhalwe besluit om 'n omvattender metode vir die evaluering van nuwe programme in werking te stel. Dié metode sal vereis dat 'n finansiële volhoubaarheidsverslag by nuwe programvoorleggings

ingesluit word. Die institusionele vorms vir programgoedkeuring is gevolglik gewysig om uitvoerige inligting oor die finansiële implikasies van die implementering van die voorgename program in te sluit.

Om die inkomste (d.w.s. subsidies en studentegeld) en uitgawes (direkte en indirekte uitgawes) van 'n nuwe program te bepaal, het die VS S&I 'n kwantitatiewe bestuursmodel met gepaste parameters ontwikkel. Deur die data op die programgoedkeuringsvorms by die model in te voer, word die geskatte finansiële dimensies van 'n voorgestelde program bereken. Die netto kontantvloei vir 'n studentekohort vir die duur van die voorgestelde program plus twee jaar word dan outomaties van jaar tot jaar voorgestel. Winsdrempels – d.w.s. die getal studente wat vereis word om uitgawes en inkomste te laat klop – kan ook bereken word.

Volhoubaarheidsverslae vir 14 nuwe programvoorleggings is tussen Oktober 2018 en Junie 2019 opgestel. Die verspreiding van die programme is soos volg:

**Tabel 1: Volhoubaarheidsverslae vir nuwe programvoorleggings in 2019**

TIPE PROGRAM	GETAL PROGRAMME
Baccalaureus	2
Gevorderde diploma	2
Nagraadse diploma	7
Magister	2
Doktoraal	1

Positiewe gevolge tot dusver sluit die volgende in:

- Deegliker finansiële beplanning kan nou reeds in die konseptualiseringsfase van nuwe programme geskied.
- Deur voorgestelde programme met moontlike gelykstaande kursusse te vergelyk, word fakulteite dikwels bewus van direkte koste wat hulle uit die oog verloor het, of van koste wat by studentegeld ingesluit moet word en wat andersins eers ná implementering aan die lig sou kom.
- Wanneer die fakulteitsbestuurder uit die staanspoor by die beplanningsproses ingesluit word, vind omvattende finansiële beplanning plaas, en kan 'n deeglike ontleding voorsien word.

Die sukses van hierdie inisiatief kan ook aan positiewe samewerking tussen die Afdeling Inligtingsoorsigbestuur (IOB) en die Sentrum vir Akademiese Beplanning en Gehalteversekering toegeskryf word.

### 2.1.5 Die skryf van 'n toegespitste US Internasionaliseringstrategie

Nadat die Konsepnota oor Internasionalisering in 2018 goedgekeur is (soos in die vorige jaarverslag gerapporteer is), het die VS hom daarop toegespits om 'n strategie vir internasionalisering te ontwikkel. Die doel van die strategie is om die instelling daartoe te verbind om 'n internasionale en interkulturele element by alle aspekte van die Universiteit te integreer aan die hand van die US se waardes van uitnemendheid, deernis, verantwoordbaarheid, respek en billikheid.

Die Rektooraat het op 19 Junie 2019 beginselgoedkeuring verleen vir die konsepdokument van die US se Internasionaliseringstrategie en aanbeveel dat verskeie omgewings binne die Universiteit verder daarvoor geraadpleeg word. 'n Werkgroep gelei deur prof Nico Gey van Pittius en gekoördineer deur mnr Robert Kotze het die strategie ontwikkel met deurlopende insette van die Institusionele Advieskomitee vir Internasionalisering (IACI). Die dokument is met al die tersaaklike belangegroep

bespreek. Die Universiteit Stellenbosch se Internasionaliseringsstrategie is op 27 Augustus 2019 deur die Rektoraat goedgekeur. Die Raad sal die strategie as 'n aanhegsel by hierdie verslag sien.

Die US Internasionaliseringsstrategie beoog onder meer om die Universiteit se statuur as 'n betroubare wêreldwye rolspeler en 'n voorkeurvennoot in Afrika te konsolideer en 'n raamwerk te voorsien wat:

- 'n internasionale element by alle tersaaklike institusionele beleid- en hersieningsprosesse integreer
- Onderskei tussen én die soeklig werp op nuwe internasionaliseringsgeleenthede sowel as die wye verskeidenheid bestaande internasionaliseringsaktiwiteite by die instelling
- Soepel en aanpasbare reaksies op internasionale geleenthede verseker, en
- Samewerking in die groter Suid-Afrikaanse hoërondewyskonteks fasiliteer om die ontwikkeling van én deelname aan internasionale vennootskappe en internasionaliseringsgeleenthede te ondersteun en in nasionale behoeftes te voorsien

### 2.1.6 Implementering van 'n hersiene reglement vir die US Strategiese Fonds

Met die verskillende wedywerende institusionele prioriteite vir die huidige jaar én die onmiddellike toekoms in gedagte, het die VS S&I heelwat aandag geskenk aan die hersiening en wysiging van die reglement vir die Universiteit se Strategiese Fonds. Die Rektoraat het op 9 April 2019 'n hersiene konsepreglement vir die US Strategiese Fonds goedgekeur en eerste rondte aansoeke vir 2019 word tans oorweeg.

Die Strategiese Fonds konsentreer op inisiatiewe wat, hoewel dit met die US se visie, missie en kern strategiese temas in Visie 2040 en Strategiese Raamwerk 2019 – 2024 strook, nie uit die Universiteit se hoofbedryfsbegroting gefinansier kan word nie.

Daar is drie aansoekategorieë:

**Kategorie A:** Strategiese inisiatiewe – Dít is inisiatiewe wat 'n beduidende impak op die verwesenliking van die Universiteit se visie en strategie sal hê, maar wat nie aanvanklik deur die US se gewone finansieringsmeganismes ondersteun kan word nie.

**Kategorie B:** Vir strategiese “high-rise and public-square” inisiatiewe – Dít is groot, samewerkende, transdissiplinêre kruisfakulteitsnavorsingsinisiatiewe met uitsonderlike potensiaal om die US as 'n wêreldleier op 'n bepaalde navorsingsterrein te posisioneer, sowel as die potensiaal om aansienlike eksterne navorsingsfinansiering en skenkings te werf.

**Kategorie C:** Strategiese aanstellings – Hierdie aansoekategorie is gekoppel aan die Visekanselier se Personeelfonds en is daarop gemik om diversiteit op alle vlakke van die Universiteit te bevorder en te versnel, loopbaanvordering vir huidige bruin, swart Afrikaan-, Indiër- en Asiër- (BSIA-)personeel te bespoedig, en uitgesoekte strategiese aanstellings te doen.

Die Strategiese Fonds het 61 aansoeke vir oorweging in Ronde 1 ontvang. Altesaam 12 van die aansoeke was in Kategorie C (strategiese aanstellings), vyf in Kategorie B (strategiese “high-rise and public-square” projekte) en 44 in Kategorie A (strategiese inisiatiewe). 'n Buitengewone vergadering op 28 Augustus 2019 is bo en behalwe die geskeduleerde komiteevergadering gehou om behoorlike aandag aan al die aansoeke te kon skenk en om die projekte in die eerste ronde van evaluering te prioritiseer. Altesaam 27 projekte is vir oorweging in Ronde 2 goedgekeur. Die komitee kom weer op 31 Oktober bymekaar om die finale toewysings te maak.

### 2.1.7 Voorbereiding vir 2020

Die Uitvoerende Beplanningsforum (UBF) van 24 tot 25 Julie 2019 het die US se beplanning vir 2020 versnel. Gegronde op die korter en doelspesifieke omgewingsplanne wat ten nouste by die

oorkoepelende institusionele strategiese raamwerk en plan inskakel, kon die UBF belangrike aktiwiteite identifiseer en daarvoor ooreenstemming bereik. Hierdie aktiwiteite dien as insette vir die institusionele begroting vir die komende jaar en lê terselfdertyd die grondslag vir huidige en nuwe multijaar- strategiese projekte wat onontbeerlik is vir die realisering van Visie 2040.

## 2.2 Studentegerigte volhoubaarheidsveldtogte

Weens die dwarsliggende aard van die VS S&I se verantwoordelikhede volg die portefeulje 'n benadering van samewerking met interne belanghebbendegroepe – van fakulteite en akademiese departemente tot afdelings in die Universiteit se professionele administratiewe steundiensteomgewing – om die oorhoofse doelwit van sistemiese volhoubaarheid te bereik.

In die lig van die internasionale strewe na én dringende behoefte aan minder kweekhuisgasvrystellings, alternatiewe energie en groter volhoubaarheid, het die VS S&I in 2019 'n verwelkomingspakket oor sistemiese volhoubaarheid vir nuwe studente saamgestel. Die inhoud van die pakket, wat 'n akademiese inslag gehad het, is gekies in oorleg met Fasiliteitsbestuur, wat suksesvolle groen inisiatiewe deur die hele US van stapel stuur.

Om die studentegemeenskap se aandag op volhoubaarheid gevestig te hou, het ons VS ook die veldtog #ThinkSustainable in samewerking met Fasiliteitsbestuur gekonseptualiseer en geïmplementeer. Dit handel oor omgewingsvolhoubaarheid en sal nog tot aan die einde van 2019 voortduur.

Om die veldtog bekend te stel, is die volgende kort video's op die US se Facebook-blad geplaas:

- *Recycling heroes*, met 'n reikwydte van 134 610, en 14 628 skakelings. Plaaslike kunstenaars het hand bygesit met hierdie musiekvideo oor herwinning en bewaring. Dit was uiteindelik ons gewildste Facebook-plasing in die verslagtydperk, wat wys dat ons gehore ontvanklik is vir 'n prettige benadering tot 'n ernstige onderwerp.
- *Recycling of bottles* het 'n reikwydte van 9 227 behaal en 442 skakelings tot gevolg gehad.
- *Water sustainability at SU* (Fasiliteitsbestuur) het eweneens 'n reikwydte van 12 780 behaal en tot nie minder nie as 1 064 skakelings gelei.

Ons is tans in gesprek met Fasiliteitsbestuur oor die ontwerp van 'n uitgebreide oorhoofse plan vir sistemiese volhoubaarheid aan die US vir die volgende aantal jaar. Die plan moet duidelike mylpale en meetbare doelwitte op die drie terreine van sistemiese volhoubaarheid bevat.

## 2.3 Inwerkingstelling van die nuwe visie en strategiese raamwerk

Nadat die Raad Visie 2040 en Strategiese Raamwerk 2019 – 2024 op 18 Junie 2018 goedgekeur het, het die VS: S&I sy aandag aan die volgende fase van die goedgekeurde strategiese proses, naamlik strategieaanvaarding, gewy. Dié fase is vir die tydperk Julie 2018 tot Junie 2019 geskeduleer. Hiervoor is die nuwe visie en strategiese raamwerk bekend gemaak aan die hand van 'n kommunikasieplan met kernboodskappe in alle US-media, waaronder korporatiewe nuusbriewe, die web en 'n elektroniese gereedskapkis, en ook visueel versprei deur elemente daarvan in openbare ruimtes en vergaderlokale te vertoon.





Visuele voorstelling van visie en strategiese raamwerk in Admin A. Admin A-ingang vanaf die Rooiplein



Tafels in Admin A

Die visuele uitrol en implementering het gepaardgegaan met omvattende institusionele skakeling en oorlegpleging om 'n gemeenskaplike begrip van die strategie te bevorder en dit so in werking te stel dat alle kernbelanghebbendes se rol en bydraes uit die staanspoor duidelik is. In dié verband werk die VS ten nouste saam met fakulteite en professionele administratiewe steundienste- (PASD-)afdelings om die doeltreffendste toepassings vir hulle onderskeie omgewings te bepaal. Die plan is om dit ook in samewerking met die Afdeling Studentesake en studenteiers na studentegemeenskappe uit te brei.

## 2.4 Die skryf en implementering van Strategiese Plan 2019 – 2024

Ná uitgebreide samesprekings met die onderskeie verantwoordelikhedsentrusse, fakulteite en PASD-omgewings het die VS S&I as leier en koördineerder opgetree van die proses om 'n aksieplan vir die inwerkingstelling van Strategiese Raamwerk 2019 – 2024 op te stel. Hierdie werk het uitgeloop op die konseptualisering van die Strategiese Plan, wat belooft om die US se ambisieuse visie te verwezenlik om die voorste navorsingsintensiewe universiteit in Afrika te wees wat wêreldwyd bekendheid geniet vir sy akademiese en navorsingsuitnemendheid, inklusiwiteit en innovasie.

Die Strategiese Plan (SP) dien as rigsgaander vir doelgerigte aksies wat met die kern strategiese temas strook, sowel as vir die voortgesette monitering en meting van resultate aan die hand van die US se institusionele doelwitte. Die plan beantwoord die vrae: Waarmee is ons besig? Waarom? Hoe goed doen ons dit? En watter gevolge het dit? Die SP is soos volg gestruktureer:

- 'n Bondige oorsig van elke kern strategiese tema
- Die institusionele doelwitte uit Strategiese Raamwerk 2018 – 2024 (woordeliks aangehaal)
- Uitvoerige tabel vir elke kern strategiese tema, met institusionele doelwitte
- Aksies vir elk van die doelwitte
- Aanwysers en maatstawwe

Die SP met sy meetbare doelwitte bied 'n roetekaart vir die US se doelgerigte bedrywighede oor die volgende vyf jaar.

## 2.5 Versoening van omgewingsplanne met die Strategiese Plan

Die strategieaanvaardingsfase het nou tot die volgende vlak van integrasie gevorder, naamlik om die omgewingsplanne van fakulteite en PASD-afdelings met die Strategiese Plan te versoen. Om hierdie proses te ondersteun, is 'n aantal gefasiliteerde werksessies gedurende Mei gehou. Die werksessies het oor die algemeen op drie aspekte gekonsentreer, naamlik om strategiese leierskap teen die agtergrond van die nuwe visie, missie en waardes te verstaan, om die beplanningsproses en die uiteindelijke omgewingsplanne met die ses kern strategiese temas en aksies in die Strategiese Plan te bely, en om die omvang van belyning deur die hele instelling te beoordeel.

Om die breër institusionele belyning van kernbedrywighede met die Strategiese Plan te verseker, het die onderskeie VS'e omgewingsplanne opgestel wat hulle prioriteite vir die onmiddellike en afsienbare toekoms aandui. Die planne is daarna in 'n VS-omgewingsplan geïntegreer en aan fakulteite oorhandig, wat op hulle beurt hulle individuele omgewingsplanne in pas met die Strategiese Plan en die geïntegreerde VS-plan saamgestel het. Die individuele planne is by die Uitvoerende Beplanningsforum (UBF) op 24 en 25 Julie 2019 beoordeel.

Die UBF het verdere stukrag verleen aan die US se beplanning vir 2020 (en daarna). Op grond van die korter en meer toegespitste omgewingsplanne, wat sterk inskakel by die oorhoofse institusionele strategiese raamwerk en plan, kon die UBF belangrike prioriteite vir die US bepaal. Hierdie prioriteite sal nie net die institusionele begroting vir die volgende jaar rig nie, maar sal ook as grondslag dien vir huidige en nuwe multijaar- strategiese projekte wat deurslaggewend sal wees om Strategiese Raamwerk 2019 – 2024 uit te voer.

Die belyning van die onderskeie VS'e, PASD-omgewings en fakulteite se omgewingsplanne sal die grondslag uitmaak vir die US Institusionele Plan 2020 – 2025, wat in Desember by die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding ingedien moet word.

Intussen het die VS S&I in samewerking met die Registrateursafdeling met 'n ontleding van huidige beleide, reëls en regulasies begin om die mate van belyning met die strategiese raamwerk te bepaal. 'n

Aksieplan en tydlyn vir die hantering van die nodige belynings wat tydens hierdie proses aan die lig kom, sal vir goedkeuring en verdere implementering aan die Rektoraaat voorgelê word.

## **2.6 Strategiese belyning van die US-handelsmerk**

Ná die goedkeuring van Visie 2040 en Strategiese Raamwerk 2019 – 2024 het die behoefte ontstaan om te bepaal of die US se huidige visuele identiteit en strategiese kommunikasie die instelling se toekomsvisie en -strewes akkuraat oordra.

Vir dié doel is 'n handelsmerkopvattingsoudit as deel van die handelsmerkwaardasie onderneem. Hierdie omvattende audit gedurende die verslagtydperk het die vernaamste US-belanghebbende groepe se opvattinge en sienings oor die handelsmerk ondersoek. Die audit is uitgevoer met die ondersteuning van 'n eksterne agentskap, Brand Finance, wat internasionaal bekend is vir hulle werk op die terrein van handelsmerkontwikkeling en -bestuur.

Die Rektoraaat het op 20 Augustus 2019 'n aanbieding oor die resultate en aanbevelings van die oorkoepelende handelsmerkwaardasieproses ontvang. Dit het duidelik geblyk dat die US se institusionele handelsmerk met talle ander interne handelsmerke meeding wat nie net tot verwarring lei nie maar 'n beduidende negatiewe uitwerking op die universiteit se institusionele handelsmerk het. Daar is dus aanbeveel dat die US die roete van 'n monolitiese handelsmerk volg. Die Rektoraaat het die aanbeveling aanvaar. Hierdie besluit is aan die personeel oorgedra by die Algemene Personeelvergadering wat op 27 Augustus 2019 in die Adam Small Teaterkompleks gehou is.

Die volgende stap is om die huidige handelsmerkargitektuur en handelsmerkposisionering te verfris sodat dit die universiteit se toekomstige aspirasies kan verbeeld, soos in die US se Visie 2040 en Strategiese Raamwerk 2019 – 2024 uiteengesit. Die doel is om hierdie proses teen die einde van 2019 af te handel sodat dit in 2020 geïmplementeer kan word.

In pas met 'n Rektoraaatsbesluit sal die visuele identiteit van die Eeufees die formele institusionele handelsmerk bly totdat die prosesse vir die handelsmerkargitektuur afgehandel is.

## **2.7 Optimale bestuur van reputasierisiko**

In die lig van die stortvloed negatiewe publisiteit en die openbare protes nadat die omstrede artikel oor die kognitiewe vermoë van bruin vroue deur die Departement Sportwetenskap in Mei verskyn het, het die VS 'n krisiskommunikasieplan opgestel om soortgelyke voorvalle in die toekoms doeltreffend te bestuur. Om US-personelede voor te berei, het mnr Alan Arguile, 'n kommunikasiekenner, op 30 Julie 'n meesterklas in krisiskommunikasie en mediaopleiding vir die Afdeling Korporatiewe Kommunikasie aangebied. Dit word gevolg deur 'n sessie wat vir 30 September geskeduleer is vir lede van die Komitee vir Eksterne Verhoudings en lede van die Rektoraaat. 'n Meesterklas met die Rektoraaat is vir September geskeduleer. Sodoende kon US-leiers hulle van die Institusionele Krisiskommunikasieplan vergewis en die vaardighede aanleer om die media gedurende 'n krisis doeltreffend te hanteer.

As gevolg van die belang van die Universiteit se beeld en reputasie onder alle belanghebbendes is dit noodsaaklik dat die US oor 'n gestruktureerde raamwerk vir reputasie-monitoring en -evaluering beskik. So 'n raamwerk behoort verder te strek as standaardmediamonitering, wat, hoewel belangrik, reaktief in plaas van proaktief is. Dit behoort metodes in te sluit om reputasierisikofaktore te bepaal en te bestuur, en doeltreffende risikobestuur te fasiliteer.

Daarom het ons mediamoniteringsvennoot, PEAR, die ontwikkeling van 'n US-reputasiebestuursraamwerk aangevoer, wat met Visie 2040 en Strategiese Raamwerk 2019 – 2024 sal strook. Werk het in Julie 2019 begin met 'n omgewingstudie om die vernaamste reputasiekwessies in die hoër onderwys te identifiseer. Dít sal as grondslag dien vir die volgende stap, naamlik om US-spesifieke reputasiekwessies en -risiko's te omskryf.

## 2.8 Navorsing en innovasie in die media

Volgens PEAR se datastel genereer die US deurlopend van die meeste nuusberigte oor navorsing en innovasie in vergelyking met ons naaste mededingers, wat die universiteite van Pretoria en Kaapstad is:

Die US het in Maart die meeste nuusberigte gehad, met die Universiteit van Pretoria (UP) in die tweede en die Universiteit van Kaapstad (UK) in die derde plek. Selfs belangriker in die lig van ons posisionering as 'n navorsingsintensiewe universiteit is dat die US in Maart ook die meeste navorsingsdekking ontvang het, met meer as 558 nuusberigte. Die UK was tweede met 437, gevolg deur die UP met 385.


- Volgens die datastel vir Mei 2019 het die Universiteit Stellenbosch (US) die tweede meeste navorsings- en innovasiedekking ontvang.
- In Junie 2019 het die US wéér die eerste plek ingeneem, met die UK tweede en UP derde.
- Die US het in Julie die tweede hoogste aantal nuusberigte vir navorsing en innovasie aangeteken.
- In Augustus het die US weer eerste gekom met die hoogste aantal nuusberigte in hierdie kategorie.

Sien 8.5 van hierdie verslag vir meer inligting oor die US se teenwoordigheid in die nuus. Sien ook sommige van die navorsingsartikels wat wye belangstelling by die publiek ontlok het.



## 2.9 Die bekendstelling van 'n nuwe institusionele narratief

Die VS S&I streef daarna om ál sy bedrywighede met Visie 2040 en Strategiese Raamwerk 2019 – 2024 te belyn, en sy korporatiewe publikasies is geen uitsondering nie. Hierdie publikasies, wat strek van die geïntegreerde jaarverslag en die korporatiewe profiel tot *Matieland*, is ideale instrumente om 'n nuwe institusionele narratief in pas met die instelling se boodskap en strategiese doelwitte bekend te stel.

Die geïntegreerde jaarverslag van 2019 sal die nuwe institusionele visie, strategie en boodskap weerspieël. Laas jaar se geïntegreerde jaarverslag weerspieël die vorige institusionele voorneme en strategie, wat nog gedurende 2018 van krag was. Die Raad het die verslag van 2018 by sy vergadering van 18 Junie 2019 goedgekeur, waarna dit teen die einde van Junie volgens die regering se vereistes by die nasionale Departement van Hoër Onderwys en Opleiding ingedien is.



Die *Matieland* van Junie 2019 weerspieël die nuwe visie, strategie en boodskap. Dit handel oor die kern strategiese tema van 'n floreerende Universiteit Stellenbosch. [Vir eksemplare van dié publikasies, kontak Marjorie van Rooy by [mvanrooy@sun.ac.za](mailto:mvanrooy@sun.ac.za).]



## 2.10 Die US en wêrelduniversiteitsranglyste

Deelname aan wêrelduniversiteitsranglyste bied 'n goeie aanduiding van die US se prestasie vergeleke met nasionale en internasionale universiteite. Die instelling volg 'n genuanseerde benadering tot hierdie lyse: Ons neem deel aan sommige (soos die Times Higher Education-wêrelduniversiteitsranglyse) en neem kennis van ander (soos die QS BRICS- en CWTS Leiden-ranglyse). Nogtans werk die VS S&I aan doelbewuste aksieplanne om die US se plek op die vernaamste ranglyste te verbeter deur die noodsaaklike en korrekte inligting en data met betrekking tot die kriteria van die onderskeie lyse te voorsien. Gevolglik beklee die Universiteit 'n aansienlik beter plek op die jongste wêreldranglyste:

- Die Universiteit Stellenbosch se ranglyseposisie op die *THE WUR* 2020 het van 301-350 tot **251-300** in 2019 verbeter. Die Universiteit Stellenbosch beklee die derde plek in Suid-Afrika, met die Universiteit van Kaapstad in die eerste plek en die Universiteit van die Witwatersrand in die tweede plek. Dit plaas die US onder die top 1% van universiteite wêreldwyd. Hieronder volg die ranglyseposisies van Suid-Afrikaanse universiteite gegrond op die *Times Higher Education World University Rankings (THE WUR)* wat op 11 September 2019 in Zürich bekend gemaak is.

INSTANSIE	RANGLYSEPOSISIE		
	2018	2019	2020
Universiteit van Kaapstad	171	156	136
Universiteit van die Witwatersrand	251-300	201-250	194
<b>Universiteit Stellenbosch</b>	<b>351-400</b>	<b>301-350</b>	<b>251-300</b>
Universiteit van KwaZulu-Natal	401-500	401-500	401-500
Universiteit van Wes-Kaapland	601-800	601-800	601-800
Universiteit van Johannesburg	601-800	601-800	601-800
Universiteit van Pretoria	601-800	601-800	601-800

- Die *Times Higher Education World University Rankings* word op grond van vyf pilare bereken - 'n breë stel aanwysers wat sleutelareas in uitnemendheid in hoër opvoeding verteenwoordig. Hierdie pilare is: (1) Onderrig: die leeromgewing; (2) Navorsing: volume, inkomste en reputasie; (3) Aanhaling van navorsing: navorsingsinvloed; (4) Inkomste uit die bedryf: kennisoordrag, en (5) Internasionale vooruitsigte: internasionale personeel, studente en samewerking ten opsigte van navorsing. Die tabel hieronder bied data vir die aanwysers van die top universiteite in SA op die *THE WUR* vir die tydperk 2018-2020.

INSTANSIE	ONDERRIG			NAVORSING			AANHALINGS			INKOMSTE UIT DIE BEDRYF			INTERNASIONALE VOORUITSIGTE		
	2018	2019	2020	2018	2019	2020	2018	2019	2020	2018	2019	2020	2018	2019	2020
UCT	30.5	31.7	33.2	36.2	41.5	42.8	87	87.2	90.3	88.5	87.6	85.3	81.1	82.4	81.8
Wits	26.6	27.7	31.2	23.2	40.8	43.2	76.5	81	78.8	99.9	100	100	69.8	74.2	73.7
<b>SU</b>	28.3	28.5	29.5	36.1	34.1	34.6	60	65.8	74.4	7.3	60.4	59.1	52.6	54	54.8
UKZN	25	24.6	25.4	30.8	28.7	28.7	49.8	60.9	70.1	41.2	38.3	36.8	59.3	55.9	55
UWC	18.8	17.3	18.3	17.6	19.3	20	35.9	42.9	60.3	33.3	34.3	34.4	60.8	61	62.1
UJ	19.3	19.3	19.7	23.5	26	25.8	36.3	36.9	42.5	42.7	40.2	40.4	55.6	60.4	69.2
UP	25.7	23.8	25.1	26.5	28.7	30.1	29.3	35.7	33	63.5	59.4	41.8	49.9	51	52

- Op vanjaar se *Times Higher Education*-ranglys vir ontluikende ekonomieë beklee die US die 24ste plek uit 442, wat beteken ons het 14 plekke gestyg.
- Wat die BRICS-lede betref, word die US as die “sterkste uitstygter” van die ses toonaangewende universiteite in Suid-Afrika bestempel.

Die US het ook vanjaar die eerste keer aan die Vereniging van Statebondsuniversiteite (ACU) se jaarlikse aanlyn vergelykende opnames, ACU Measures, deelgeneem. ACU Measures bied universiteite die geleentheid om hulle huidige praktyke en beleide met eweknieë s'n te vergelyk, wat besluitneming en strategiese beplanning op senior bestuursvlak ondersteun. Deelname aan ACU Measures hou 'n aantal voordele in: Afgesien daarvan dat die US sy prestasie op 'n vertroulike en nie-mededingende manier met dié van ander instellings kan vergelyk, word prestasie op verskeie terreine ook oor tyd gemoniteer om die impak van veranderinge te bepaal. Meer as 500 universiteite van 50 lande behoort tans tot die ACU.

## 2.11 Voldoening aan wetgewing oor toegang tot inligting en privaatheid

Die Universiteit Stellenbosch is ten volle verbind tot die grondwetlike reg op toegang tot inligting (ingevolge die Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting 2 van 2000 (PAIA)) en op privaatheid (ingevolge die Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting 4 van 2013 (POPIA)). Persoonlike inligting word deur ons hele instelling gebruik – van studenteaansoeke tot salarisprosesse en individuele navorsingsprojekte. Om volle uitvoering te gee aan die grondwetlike reg op privaatheid in ál die Universiteit se bedrywighede verg 'n aansienlike opleidings- en bewusmakingsveldtog én verskeie gepaardgaande beleide, prosedures en instrumente.

Die instelling het gedurende die oorsigtydperk beduidende vordering gemaak om aan die voorskrifte van POPIA te voldoen. Straks die belangrikste ontwikkeling in dié verband was die Rektorat se goedkeuring van 'n institusionele Dataprivaatheidsregulasie op grond van die VS S&I se kommentaar en aanbevelings oor die hersiene nasionale Regulasies insake die Beskerming van Persoonlike Inligting (wat op 14 Desember 2018 uitgereik is). Die US se Dataprivaatheidsregulasie het op 1 Maart 2019 in werking getree, en vereis dat US-prosesseienaars die voorgeskrewe beginsels toepas én verduidelik hoe dit toegepas word. Aangesien POPIA by die skryf van hierdie verslag nog nie ten volle in werking getree het nie, laat die Dataprivaatheidsregulasie 'n implementeringstydperk van 18 maande toe. Daarna (of teen die formele sperdatum indien die nasionale Inligtingsreguleerder 'n vroeër datum bepaal) moet alle US-omgewings kan bewys lewer van voldoening.

Om die instelling hiermee by te staan, het Inligtingsoorsigbestuur vorendag gekom met 'n werksessiegebaseerde benadering tot privaatheidsimpakstudies (PIA's) (synde 'n Suid-Afrikaanse en Europese wetsvereiste). Die Afdeling ontwikkel ook tans 'n digitale selfbeoordelingsinstrument en 'n opleidingskursus om omgewings in staat te stel om hulle eie PIA's te onderneem. IOB het vanjaar reeds verskeie suksesvolle PIA-werksessies vir sowel individuele navorsingsprojekte as PASD-omgewings aangebied.

Ter ondersteuning van die PIA-metodologie het ons ook belê in die ontwikkeling van 'n prosedure om voorvalle, skendings en lekkasies met betrekking tot persoonlike inligting te bestuur. In die tweede helfte van 2018 het ons alle ander, soortgelyke prosedures deur die hele instelling (onder meer dié van die Gebeurlikheidskomitee) ondersoek en die vernaamste institusionele belanghebbendes geraadpleeg. Die voorlopige ontwerp van die prosedure is in Mei vanjaar afgehandel, en implementering het in Junie begin.

Daarbenewens het Universiteite Suid-Afrika (USAf) 'n taakgroep saamgestel om 'n POPIA-gedragkode vir Suid-Afrikaanse universiteite te ontwikkel. Ons Senior Direkteur: Regsdienste en Senior Institusionele Inligtingsbeampte dien albei in hierdie groep. By die skryf van hierdie verslag het USAf reeds 'n konsepweergawe van die kode uitgereik, waarop belanghebbendes tot en met Augustus kon kommentaar lewer.

## **2.12 Stelselaanpassing en -vernuwing**

Inligtingsoorsigbestuur vervul 'n kernrol in stelselaanpassing as deel van Fase 2 en Fase 3 van die strategiese proses. Die Studentehernuwingsprojek (SHP) behels die vervanging van die huidige studenteinligtingstelsel (SIS) om tred te hou met die jongste tendense in studenteinligtingsbestuur in die hoërondwyssektor sowel as moderne tegnologie. Dit is dus een van die belangrikste projekte om hierdie aanpassing moontlik te maak. Die inwerkingstelling van die nuwe stelsel sal oor 'n tydperk van twee jaar geskied. Die projek behels ook middleware-infrastruktuur en -integrasie om die uitruiling van inligting tussen alle US-inligtingstelsels moontlik te maak, sowel as die ingebruikneming van 'n nuwe finansiële stelsel (SUNFin). Dít sal IOB in staat stel om geïntegreerde data in sy verslagdoening te gebruik, wat die US akkurate datagedrewe besluite sal help neem.

Die stelselvernuwingsprojek sal 'n diepgaande impak op die Universiteit hê, en sorgvuldige en doelgerigte veranderingsbestuur word dus onderneem. SUNStudent word gekoördineer deur die registrateur, dr Ronel Retief, en SUNFin deur die Hoofdirekteur van Finansies, mnr Manie Lombard. Hierdie nuwegenerasieselsels sal, sodra dit ten volle in werking is, doeltreffendheid aan die US aansienlik verbeter.

As 'n eerste stap in die beplande voortgesette kommunikasieveldtog oor SUNStudent en SUNFin is alle personelede op 6 Mei in 'n amptelike e-posmededeling in kennis gestel van die aanvang van die SUNStudent-implementeringsfase. Afsonderlike Engelse en Afrikaanse boodskappe is gestuur en die lees- en kliksyfers was 33,5% en 6,5% vir die Engelse weergawe, en 33,3% en 6,7% vir die Afrikaans. Die elektroniese nuusbriewe [news@StellenboschUni](mailto:news@StellenboschUni) en [nuus@StellenboschUni](mailto:nuus@StellenboschUni) van 26 April het ook oor die suksesvolle verkryging van die nuwe SUNStudent- en SUNFin-stelsel berig. 'n SUNStudent-webblad is geskep waarop bygewerkte inligting voorsien sal word namate die implementering vorder.

## **2.13 Inligtingstelsels vir HEMIS en statutêre verslagdoening**

In die lig van die risiko's verbonde aan die stelsel NATURAL ADABAS (naamlik verouderde tegnologie en die naderende aftrede van die programmeerder), het Inligtingsoorsigbestuur met die ontwerp en inwerkingstelling van nuwe tegnologieë en prosedures begin om die vorige prosesse en funksies van die studente-inligtingstelsel geleidelik te vervang. Hierdie veranderinge het nou eenvoudiger, akkurater en vinniger dataontginning, -evaluering en -ouditering tot gevolg. (So byvoorbeeld is sekere berekeninge wat voorheen met die hand gedoen is om die getal voltyds ekwivalente studente te bepaal nou ten volle gerekenariseer op grond van wiskundige algoritmes.) Bykomende HEMIS-prosesse is ook die afgelope jaar by die bestuursinligtingstoepassing SUN-i ingesluit om bogenoemde risiko van verouderde tegnologie te beperk. In die volgende fase sal nóg bestaande prosesse en prosedures na SUN-i en/of SUNStudent oorgeplaas word.





uitwerking verhoogde minimum toelatingsvereistes vir 'n bepaalde program op die deursoetsyfer sal hê) en die maandelike redes vir waarnemings bepaal.

Noudat die nuwe, wolkgebaseerde studente-inligtingstelsel (SUNStudent) in werking gestel word, sal die bedryfsintelligensiespan vir die res van 2019 én 2020 daarop konsentreer om die verwantskap tussen die data-elemente van die huidige studente-inligtingstelsel en dié van die nuwe stelsel te ontleed en te verstaan. Dit sal verseker dat SUN-i ononderbroke oorsakel na die nuwe stelsel as bron van data oor studenteaansoeke, -huisvesting, -beurse en -registrasie.

### 3. 'N TRANSFORMERENDE STUDENTE-ERVARING

Deur die uitgebreide bedrywigheide van die afdelings Inligtingsoorsigbestuur en US Internasionaal, wat sowel interne (fakulteite en departemente) as eksterne vennote betrek, is die VS S&I daadwerklik op soek na geleenthede vir alle studente om te groei en aan transformerende akademiese ervarings blootgestel te word. Die doel is om studente as wêreldburgers toe te rus en vir die werkplek voor te berei.

#### 3.1 Studentesukses – die ontwerp en implementering van 'n omvattende tredhou- en ontwikkelingstelsel

Die VS het gedurende die verslagtydperk 'n paar opwindende geïntegreerde en intelligente tredhou-, moniterings- en ontwikkelingsoplossings met die oog op beter studentesukses in werking gestel:

- S&I het 'n nuwe weergawe van die **BeWell-mentortredhoustelsel** bekend gestel, voortgegaan om studentedeelname aan hierdie intervensie te monitor, en die resultate van 'n studie oor die impak van mentorskap op akademiese prestasie en die persoonlike ontwikkeling van sowel mentors as mentees op die projekwebtuiste gepubliseer.
- Die VS het ook die inisiatief **i-FlourishWell4Life** van stapel gestuur om die akademiese sukses van sowat 300 studente in die Verlengde Graadprogram-kurrikulum van vyf fakulteite te verbeter. Hierdie bewysgebaseerde “kurrikulum” is oor die afgelope paar jaar intern ontwikkel. Tredhoudata word outomaties gedurende die gemengde aanbieding van die kurrikulum ingesamel, wat dit moontlik maak om dataontledings te onderneem en die verband tussen 'n stel welstandsveranderlikes en akademiese sukses te bepaal.

Inligtingsoorsigbestuur (IOB) het boonop 'n voorstel vir 'n omvattende studentetredhou- en ontwikkelingstelsel vir die US by die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding ingedien en gevolglik vir die tydperk 2018 tot 2020 projekfinansiering uit die nasionale universiteitsvermoëbutoelaag (UCDG) ontvang. Hierdie projek word nou geïnkorporeer in die stelselshernuwingswerk van die VS Leer en Onderrig.

#### 3.2 In- en uitwaartse studentemobiliteit

- **Studenteraadsbesoek aan die Universiteit van Ghana:** Dr Nico Elema van USI en mnr Anele Mdepa (Studentesake) het van 17 tot 22 Oktober 2018 vyf lede van die US se Studenteraad (SR) na die Universiteit van Ghana vergesel. Die besoek het gesprekke met die Viserektor: Akademiese Sake, die Studentedekaan, SR- en personeellede van die Universiteit van Ghana sowel as verteenwoordigers van die Ghanese parlement, die Suid-Afrikaanse ambassade in Ghana, die Universiteitsopvoedersvereniging van Ghana en Ghanese universiteitsadministrateurs ingesluit. Hierdie inisiatief maak deel uit van die Sentrum vir Samewerking in Afrika se program om US-studente aan te moedig om ander instellings op die vasteland te besoek om bewustheid van hoër onderwys in Afrika te skep.

- **Stellenbosse studente besoek Amerikaanse Universiteit in Kairo, Egipte:** Die ResLife-program van die Amerikaanse Universiteit in Kairo (AUC) het van 20 tot 31 Maart 2019 nege studente van die US ontvang vir 'n kulturele onderdompelingsprogram wat deur die VS S&I en Studentesake gekoördineer is. Die program hou verband met die ko-kurrikulêre aanbod, en van die studente is dus op grond van hulle deelname aan die Frederik Van Zyl Slabbert Instituut se program oor Afrika-leierskapsontwikkeling gekies. As deel van die besoek moes studente besin oor wat 'n Afrika-identiteit behels. Hulle deelname het die bestaande vennootskap tussen die US en AUC versterk.
- **Warwick in Africa-opvoedersopleidingskonferensie:** Die Global Education Centre het in Oktober 2018 die Warwick in Africa-opvoedersopleidingskonferensie in samewerking met die Departement Wiskunde en die Sentrum vir Voornemende Studente aangebied. Die doel van die konferensie was om die persoonlike en professionele ontwikkeling van die Warwick in Africa-leieropvoeders van Ghana, Tanzanië en Suid-Afrika te ondersteun. Altesaam 23 opvoeders het die geleentheid bygewoon.

### 3.3 Akademiese kortprogramme vir internasionale studente

Die VS S&I se Global Education Centre (GEC) het gedurende die verslagtydperk verskeie kursusse in samewerking met akademiese departemente aangebied.

- 22 Oktober tot 2 November 2018: Altesaam 21 studente van verskillende nasionaliteite wat vir die MBA-program van die Internasionale Bestuurskool in Parys, Frankryk, ingeskryf is, het kursusse oor innovasie en internasionalisering in klein en middelslagondernemings sowel as oor die Afrika-ekonomie bygewoon. Die kursusse is deur akademiese personeellede van die US aangebied.
- 29 Desember 2018 tot 12 Januarie 2019: Sewentien studente en drie personeellede van Virginië-technikon in die Verenigde State het 'n agronomie- en landbouprogram oor klein- en grootskaalse boerderymetodes en voedselsekerheid bygewoon.
- 14 Januarie tot 24 Maart 2019: Sewentien studente en twee personeellede van die Sentrum vir Innovasie in Globale Gesondheidsorgtegnologieë aan die Northwestern Universiteit, Verenigde State, het 'n Biomediese Ingenieurswese-program oor gezondheidstelselsingeniërswese en gezondheidstegnologiebestuur, -innovasie en -ontwerp bygewoon.
- Benewens bostaande het die GEC in die loop van die jaar ook ses ander kortprogramme aangebied.

**Tabel 2: Kortprogramaanbod deur die Global Education Centre in 2019**

INSTELLING	ONDERWERP	DEPARTEMENT/ FAKULTEIT	STUDENTE	DUUR
Linnaeus Universiteit, Swede	Sportwetenskap	Sportwetenskap	5	3 weke
Northwestern Universiteit, Verenigde State	Openbare gesondheid en ontwikkeling in Suid-Afrika	Lettere en Sosiale Wetenskappe	14	12 weke
Universiteit van Pardubice, Tsjeggiese Republiek	Taal en kultuur	Lettere en Sosiale Wetenskappe	8	1 week
Vrije Universiteit Brussel, België	Sportwetenskap	Sportwetenskap	11	3 weke

Christopher Newport Universiteit, Verenigde State	Leierskap vir maatskaplike geregtigheid	US Internasionaal & FVZS Instituut	16	3 weke
Universiteit van Georgia, Verenigde State	Sosiologie en internasionale sake	US Internasionaal	26	4 weke

Die Global Education Centre het gedurende die tweede semester die kortprogramme in Tabel 3 aangebied wat op versoek van die tuisinstelling of -organisasie pasgemaak is.

**Tabel 3: GEC-kortkursusaanbod pasgemaak volgens behoeftes van tuisinstelling**

INSTELLING	ONDERWERP	DEPARTEMENT/FAKULTEIT	STUDENTE
Universiteit van Noord-Carolina, Verenigde State	Opvoedkunde	Opvoedkunde	7 studente
Universiteit van Wisconsin Milwaukee, Verenigde State	Maatskaplike werk	Lettere en Sosiale Wetenskappe	6 studente
Universiteit van Warwick	Opvoedkunde	Opvoedkunde	6 studente
Humboldt Universiteit	Opvoedkunde	Opvoedkunde	4 studente
AC21 Internasionale Nagraadse Skool	Indringerwetenskap	Sentrum vir Indringerbiologie	17 studente

### 3.4 Internasionale kortprogramme vir Stellenbosse studente

Die Stellenbosch-KU Leuven-dinkskrum van 2018 is op Stellenbosch afgesluit. Dertig studente van die twee instellings het deur die hele 2018 aan die onderwerp “Vox populi | Izwi labantu | Stem van het volk | Voice of the people | Stem van die mense” gewerk, en die span van Leuven het Stellenbosch van 24 November tot 5 Desember vir die afsluitingsgeleentheid en projekaanbieding, besoek.

Die GEC-span het ook die Tübingen-Suid-Afrika-program van 6 tot 30 Januarie 2019 gekoördineer. Vir dié program het 18 studente van die US, Wits en die universiteite van Kaapstad, KwaZulu-Natal, Johannesburg en Botswana aan ’n Duitse kulturele uitruilaksie in Duitsland deelgeneem. Die inisiatief was afgestem op nuwelingreisigers en studente wat nog nie vantevore so ’n geleentheid ontvang het nie.

Vyf US-studente het boonop deelgeneem aan die jaarlikse fase II-program oor wêreldburgerskap wat die US in samewerking met die Universiteit van Stuttgart (Duitsland) en St. Xavier’s College (Indië) aanbied. Hierdie gemengdeleerkursus bestaan uit sowel ’n aanlyn as ’n mobiliteitskomponent. Die oorhoofse tema van die kursus was “In gesprek met globalisasie”. Alle deelnemers het die aanlyn komponent op dieselfde tyd voltooi, wat oor die volgende temas gehandel het:

- Globalisasie en politiek
- Globalisasie en die ekonomie
- Globalisasie en literatuur
- Globalisasie en oorgang(e) (projekweek)

Die projekweek het van 25 Mei tot 2 Junie 2019 in Stuttgart plaasgevind en op groepeerbiedings oor subtemas van die projekweek-onderwerp uitgeloop.

### 3.5 Nuwe Study Abroad-inisiatiewe

Die VS se studentemobiliteitswerk lewer 'n belangrike bydrae om studente 'n transformerende ervaring te bied. US Internasionaal se Study Abroad-program bring internasionale studente na die US en skep 'n "internasionale klaskameromgewing" vir plaaslike studente. Die inkomste wat met die program verdien word, maak boonop die grondslag uit vir reisbeurse waarmee US-studente aan uitwaartse mobiliteitsinisiatiewe kan deelneem.

Nadat die GEC in 2018 'n Januarie-termynopsis ("J-Term") aan die Amerikaanse Instituut vir Buitelandse Studie (AIFS) voorgestel het, het ons die eerste een in Januarie 2019 aangebied. Veertien studente het aan 'n kredietdraende kursus oor die teorie en praktiese toepassing van reisfotografie deelgeneem. Vir 2020 sal 'n kursus in Wingerd- en Wynkunde bygevoeg word, en sal die J-Term-opsies ook vir vennootinstellings aangebied word.

Om die Study Abroad-program verder uit te brei en die finansiële volhoubaarheid van uitwaartse studentemobiliteit te verseker, gaan die GEC studentemobiliteitsooreenkomste aan om 'n standhoudende en toenemende toevoer Study Abroad-studente te skep. Sulke ooreenkomste is in 2018 gesluit met die Rheinische Fachhochschule Köln (Duitsland), die Luzernse Universiteit vir Toegepaste Wetenskappe en Kuns (Switserland), die Universiteit van Notre Dame du Lac (Verenigde State), die Christelike Universiteit Texas (TCU) (Verenigde State), SHR Berlyn (Duitsland) en ESME Sudria (Frankryk). Die eerste groep van nege studente van TCU het die US in Januarie 2019 vir die eerste semester besoek.

Daarbenewens gaan US Internasionaal voort met samesprekings met Experimento Intercâmbio Cultural om die US 'n Study Abroad-voorkeurbestemming vir Brasiliaanse studente te maak. Ons sal ook die organisasie se eerste Afrika-bestemming wees (<https://www.experimento.com.br/>). Joe Warren, Koördineerder: Globale Onderwysprogramme, het Experimento op 18 April 2019 in São Paulo, Brasilië, ontmoet.

Voorts het die GEC 'n inisiatief met SKEMA-bestuurskool van stapel gestuur om 'n voorgraadse Study Abroad-program vir hulle studente te ontwikkel. SKEMA, wat die US op 2 April 2019 besoek het, het kampusse in Lille, Sophia Antipolis en Parys (al drie in Frankryk), Raleigh (Verenigde State), Suzhou (China) en Belo Horizonte (Brasilië), en wil graag 'n tipe kampus in Afrika vestig. Die eerste groep van 60 tot 80 studente sal ons na verwagting in Januarie 2020 vir een semester besoek. Raadpleeg bylaag A vir die volledige statistieke oor studentemobiliteit gedurende die verslagtydperk.

### 3.6 Uitbreiding van die US se internasionale studentekohort

Die VS S&I is daartoe verbind om die US se internasionale studentetalle op 'n gestruktureerde manier te verhoog – nie net om 'n diverse studentekohort te verseker nie, maar ook om die Universiteit se inkomstegrondslag en volhoubaarheid te beskerm.

#### 3.6.1 Oorsig van die internasionale werwingsinisiatief *StudyInternational.com*

Na aanleiding van 'n inisiatief van die Fakulteit AgriWetenskappe het die US 'n vennootskap aangegaan met StudyInternational.com, 'n organisasie in die Verenigde Koninkryk, om 'n werwingsbemarkingsveldtog onder voornemende internasionale studente van stapel te stuur. Op dié platform kan internasionale studente die jongste internasionale studentenuus lees en deur universiteite en kursusse wêreldwyd soek na die instelling en program wat die beste by hulle vaardighede en vereistes pas. Die vennootskap het die US 'n geleentheid gebied om onontginde studentemarkte soos Meksiko, Saoedi-Arabië, Indië, Brasilië, Peru en Chili te bereik.

Die werwingsveldtog het uit die publikasie van twee geborgde hoofartikels op die webtuiste van [StudyInternational.com](http://StudyInternational.com) en op verskeie sosialemediaplatforms bestaan. Die eerste hoofartikel het op 12 Februarie 2019 verskyn. Dit het oor die studentelewe en akademiese ervaring aan die US gehandel

om voornemende internasionale studente 'n voorsmaak te gee van hoe dit sou wees om aan die US te studeer. Die artikel het studente genooi om voor Junie 2019 vir studie in 2020 te registreer.

<https://www.studyinternational.com/news/the-importance-of-international-education-in-a-globalised-world/>

<https://edu.studyinternational.com/stellenbosch-university/>

Die tweede artikel is op 27 Maart 2019 gepubliseer. Hierdie artikel het inligting oor die US se graadprogramme voorsien, met die klem op die volgende unieke kursusse:

- **AgriWetenskappe:** BScAgric in Wingerd- en Wynkunde, BScAgric in Veekunde, BSc in Bewaringsekologie, BSc in Bosbou
- **Ingenieurswese:** BEng in Siviele, Chemiese, Elektriese en Elektroniese, Bedryfs-, Meganiese en Megatroniese Ingenieurswese
- **Lettere en Sosiale Wetenskappe:** BA in Internasionale Studie, BA in Ontwikkeling en Omgewing, BA in Visuele Kunste, BA in Sosio-informatika, BA in Sportwetenskap
- **Natuurwetenskappe:** BSc in Biodiversiteit en Ekologie, BSc in Sportwetenskap, BSc in Molekulêre en Biotegnologie, BSc in Aardwetenskappe, BSc in Wiskundige Wetenskappe (Biowiskunde)
- **Ekonomiese en Bestuurswetenskappe:** BCom (Internasionale Besigheid)

Lande op wie die werwingsveldtog afgestem was, sluit in die Verenigde State, Brasilië, Peru, Colombia, Chili, Meksiko, Saoedi-Arabië, die Verenigde Arabiese Emirate, Indië (vier provinsies), China (kusprovinsies), Singapoer, Egipte, Ghana, Kenia, Uganda, Kameroen, Duitsland, Frankryk, Verenigde Koninkryk en Ierland.

<https://www.studyinternational.com/news/stellenbosch-university-south-africas-top-choice-for-undergraduate-success/>

Die veldtog het tot 12 Augustus geduur. By die skryf van hierdie verslag het bykans 400 000 mense die artikels gelees, en is meer as 14 000 deurlikke na [www.sun.ac.za](http://www.sun.ac.za) aangeteken. US Internasionaal het ook nagenoeg 100 direkte navrae deur die “[Call to action](#)”-blad ontvang.

### 3.6.2 Studentewerwing in Namibië

As deel van die VS S&I se doelbewuste strewe om internasionalisering te versterk, het US Internasionaal van 31 Maart tot 5 April 2019 in Namibië besoek afgelê om voornemende studente daar te ontmoet. St Paul's College in Windhoek het die US na hulle loopbaanskou genooi, en die span het daarna ook die Duitse Privaat Skool, Hoërskool Windhoek en Windhoek Gimnasium sowel as skole in Otjiwarongo, Swakopmund en Walvisbaai besoek. Daar is steeds groot belangstelling in studie aan die US in die Namibiese mark.

## Internasionale studente aan die US

	Nie-graad		Voorgraads		Nagraads		TOTAAL	
SAOG	45	3.4%	646	74.9%	1 193	61.2%	1 884	45.7%
VAN AFRIKA, MAAR NIE SAOG NIE	73	5.6%	46	5.3%	426	21.9%	545	13.2%
VAN BUITE AFRIKA	1 190	91.0%	170	19.7%	330	16.9%	1 690	41.0%
TOTALE NIE-SA BURGERS	1 308		862		1 949		4 119	
INTERNASIONALE STUDENTE: TIPE INSKRYWING	31.8%		20.9%		47.3%			
AFRIKA-STUDENTE AS % VAN ALLE INTERNASIONALE STUDENTE	9.0%		80.3%		83.1%		59.0%	
INTERNASIONALE STUDENTE AS % VAN ALLE STUDENTE	76.9%		4.3%		18.4%		12.8%	

**NASIONALE GEMIDDELD: 7%**

### 3.7 Daarstelling van sakevernuf wat wêreldwyd hoë aansien geniet – US Bestuurskool (USB)

Die USB word wêreldwyd erken as dié sakekennisvennoot in Afrika. Die skool was die eerste universiteitsakeskool uit Afrika wat al drie die belangrikste internasionale akkreditasies verwerf het – ACSB, EQUIS en AMBA – en is ’n lid van etlike internasionale akademiese liggeme, waaronder die Europese Vereniging vir Doktorale Programme in Bestuur en Besigheidsadministrasie (EDAMBA).

Die skool se akademiese en sakeleierskap-ontwikkelingsprogramme bied globale perspektiewe vanuit ’n Afrika-konteks. Te danke aan talle internasionale modules wat deur akademiese vennote aangebied word, elektiewe programme by toonaangewende organisasies, en blootstelling aan beste sakepraktyke deur korporatiewe leiers, verseker USB ’n transformerende studente-ervaring deur:

- Navorsingsuitsette en -ingrypings te produseer wat internasionaal gerespekteer word en ’n praktiese en beleidsimpak het
- Positief en vindingryk by die agenda van maatskaplike betrokkenheid in Suid-Afrika en elders aan te sluit, en studente en personeel aan te spoor om hul kennis en ervaring op ’n bevrydende wyse te mobiliseer
- ’n Omgewing van oorspronklike en kritiese akademiese betrokkenheid te bevorder en diversiteit en transformasie te aanvaar
- Met belanghebbendes, veral organisasies, studente, alumni en internasionale vennote te skakel

Die voltydse MBA-program van die Universiteit van Stellenbosch Bestuurskool (USB) is as die topprogram van sy soort in Afrika deur Eduniversal – die internasionale keuringsagentskap in Parys, Frankryk – aangewys.

Die USB is ook aangewys as die beste universele bestuurskool met ’n sterk globale invloed. Die USB is verlede jaar as die beste bestuurskool in Suid-Afrika aangewys. Hierdie ranglysgesies word bepaal deur die menings van dekane van bestuurskole oor die wêreld heen, gegrond op ’n lys van kriteria.

Die lys akademiese aktiwiteite van USB wat gedurende die verslagtydperk deur die VS se Kantoor vir Internasionale Sake gefasiliteer is, word in Bylae B weergegee.

## 4. DOELGERIGTE VENNOOTSAPPE EN INKLUSIEWE NETWERKE

Wat hierdie kern strategiese tema betref, werk die VS S&I doelgerig om die US as 'n beduidende rolspeler in die hoër onderwys op die vasteland te posisioneer en ons internasionale reikwydte verder uit te brei deur samewerking, skakeling en die bou van netwerke waardeur ons, as 'n leerinstelling, 'n positiewe invloed kan hê en self positief beïnvloed kan word. In dié verband streef die VS uit 'n strategiese oogpunt na die uitbreiding van samewerkingsnetwerke met akademiese en navorsingsvennote in die BRICS-lidstate (voorlopig veral Indië en China). Ná die aanbevelings van die vennootskapstudie (waaroor daar voorheen verslag gedoen is) konsentreer die VS ook op die verdere verdieping en versterking van verhoudings met instellings wat die US se navorsingsgedrewe missie deel.

Laasgenoemde sluit in die Universiteit van KU Leuven, Universiteit van Bath en Coventry Universiteit. Ons VS het gedurende die verslagtydperk intensief met besoekende afvaardigings van hierdie instellings geskakel.

- KU Leuven se prof Peter Lievens, Viserektor: Internasionaliseringbeleid, en me An Huts, Internasionale Koördineerder, het die US van 11 tot 13 Desember 2018 vir die jaarlikse bestuursvergadering van die Leuven-Stellenbosch-vennootskap besoek. Huidige vennootskaps-aktiwiteite is beoordeel en nuwe inisiatiewe is oorweeg. Leuven het die US genooi om by hulle globale PhD-vennootskap met die Massachusetts Instituut vir Tegnologie (MIT) aan te sluit. Prof Lievens het ook aan institusionele US-geleenthede deelgeneem. Prof Wim de Villiers en prof Hester Klopper het op 2 September met KU Leuven se Rektor, prof Luc Sals, en die Vise-Rektor, prof Peter Lievens, vergader om voortgesette institusionele samewerking ná die einde van 2019 te bespreek. Die partye het ingestem om die institusionele ooreenkoms te hernu en hulle tot 'n hegte verhouding te verbind tot voordeel van albei instansies, die personeel en die studente.
- Prof David Galbreath, Dekaan: Geestes- en Sosiale Wetenskappe van die Universiteit van Bath, het in die eerste week van Maart 2019 'n afvaardiging van verteenwoordigers van hulle departemente Gesondheid, Politiek, Tale en Internasionale Studie sowel as Sosiale en Beleidswetenskappe na die US gelei. Afgesien van ontmoetings met hulle eweknieë in Sport- en Oefeninggeneeskunde, Sportwetenskap, Gemeenskapsgesondheid, Ekonomie, Politieke Wetenskap en Maatskaplike Werk, het die afvaardiging ook met verskillende sentrums in US Internasionaal en die Afdeling Leer- en Onderrigverryking vergader. Daarna het nóg 'n uitgelese akademikus van die Universiteit van Bath, prof Jeremy Bradshaw, Viserektor: Doktorale Studie en Internasionalisering, die US in April besoek om aan ons gradeplegtighede deel te neem. Prof Hester Klopper het ook in Junie 2019 saam met prof Ingrid Woolard, Dekaan: Ekonomiese en Bestuurswetenskappe, 'n vergadering in Bath bygewoon om die inwerkingstelling van gesamentlike PhD-programme te bespreek. Daarbenewens sal prof Bradshaw hom in Oktober 2019 by proff Wim de Villiers en Hester Klopper aansluit vir 'n vergadering by die Universiteit van Zhejiang om samewerking tussen die drie universiteite te versterk en gesamentlike programme op die internasionale kampus van Zhejiang aan te bied.
- Die Visekanselier van die Universiteit van Coventry, prof John Latham, het die US op 3 April 2019 besoek om die verdere uitbreiding van ons vennootskappe oor 'n groter spektrum dissiplines te ondersoek. Ons VS werk tans saam met Coventry aan 'n gevallestudiepublikasie oor die omvang en impak van ons akademiese en navorsingsvennootskap. Dit sal aan die Vereniging van Statebondsuniversiteite voorgelê word as 'n voorbeeld van wat doeltreffende internasionale vennootskappe kan vermag. Prof Latham het die US weer in Augustus 2019 besoek vir die formalisering van die ooreenkoms om die vennootskap tussen die twee universiteite oor 'n breër spektrum van transdissiplinêre projekte uit te brei.

'n Senior lid van die Duitse parlement, me Dagmar Freitag, het op 7 Februarie 2019 met prof Hester Klopper ontmoet om oor die jongste ontwikkelings met betrekking tot die US se Visie 2040 te gesels. Me Freitag het ook met studente van die Eenheid Duits in die Departement Moderne Vreemde Tale, kollegas van die Afdeling Ontwikkeling en Alumnibetrekkinge sowel as Sportwetenskap vergader.

Vir 'n volledige lys van afvaardigings wat die US besoek het om samewerking en vennootskappe aan te voor, te bekragtig en/of te verken, blaai na bylaag C.

#### **4.1 Universiteitsdorpkonferensie, 28 tot 30 November 2018**

As deel van die US se Eeufeesaktiwiteite het die Rektor en Visekanselier, prof Wim de Villiers, in samewerking met die kantoor van die uitvoerende burgemeester van Stellenbosch van 28 tot 30 November 2018 'n internasionale universiteitsdorpkonferensie op die US-kampus aangebied. Die doel was om universiteite wat 'n kerndeel van hulle onderskeie dorpe/stede uitmaak, byeen te bring om kwessies met betrekking tot sinvolle vennootskappe tussen kampus en dorp te bespreek. Universiteite wat die konferensie bygewoon het, was onder meer die universiteite van Fort Hare, Bath, Coventry, Durham, Göttingen, St Andrews en Lund, sowel as Queen's University in Belfast en Kanada, KU Leuven en Pennsilvanië-staatsuniversiteit.

Onder leiding van internasionale en plaaslike fasiliteerders het afgevaardigdes onder meer oor die volgende temas besin:

- Die strukturering van die verhouding tussen universiteit en dorp, met bydraes deur Stellenbosch, Alice, Grahamstad, Belfast, Göttingen en Coventry
- Skakeling met die omliggende gemeenskap met die oog op maatskaplike samehang (Stellenbosch), gemeenskapskakeling in Durham en Belfast, en die rol van sport (Stellenbosch en St Andrews)
- Skakeling met plaaslike sakelui by die LaunchLab, met illustrasies van die ekonomiese impak van universiteite (Stellenbosch, Bath, Coventry) en die universiteit-dorp-sake-driehoek (Pennsilvanië-staatsuniversiteit, Leuven, Lund)
- Universiteitsdorpe en internasionalisering (Bath, Göttingen, St Andrews, Grahamstad)
- Studentegemeenskappe in die universiteitsdorpkonteks, gefasiliteer deur die US se Afdeling Studentesake, met bydraes deur Lund en Queen's University in Kanada

Afgevaardigdes het onder andere oor die volgende gevolgtrekkings ooreengekom:

1. Daar bestaan 'n behoefte aan hoëvlakskakeling tussen universiteite en plaaslike regerings, en aan die skep van konteksgepaste strukture, soos 'n pos in die burgemeesterskantoor (Göttingen), 'n formele Rektor-Burgemeestersforum (Stellenbosch) of samewerking met ander akademiese instellings in die streek (byvoorbeeld Coventry/Warwick, Leuven Mindgate).
2. Eksterne verhoudings is van die allergrootste belang, en die universiteit het die hoofverantwoordelikheid om duidelik met die dorp, gemeenskap en plaaslike sake te kommunikeer. Dít kan byvoorbeeld wees oor toegang tot universiteitsfasiliteite (Bath) of die nie-finansiële impak van groot geleenthede (voetbal by Pennsilvanië-staatsuniversiteit, feeste in Grahamstad, Stellenbosch en Durham) en kan ook gereelde openbare vergaderings met die dorp en gemeenskap insluit.
3. Die US het gedurende die slotsessie die stigting van 'n internasionale netwerk van instellings aan die hand gedoen om die universiteitsdorpverhouding uit te bou, met die teenwoordige instellings as moontlike stigterslede. Beplanning is tans aan die gang vir 'n opvolgvergadering om 'n behoorlike aksieplan hiervoor uiteen te sit.

Benewens die tematiese gevolgtrekkings het die konferensie ook die US se bilaterale vennootskappe met die teenwoordige vennootinstellings help versterk en 'n platform vir intra-institusionele samewerking gedurende skakeling met die dorp, gemeenskap en plaaslike sake geskep. Die Universiteit Stellenbosch is tans besig om 'n sekretariaat vir die netwerk te stig.

Die volledige lys deelnemers aan die universiteitsdorpkonferensie verskyn in bylae D.



## 4.2 Suid-Afrika-Swede-universiteitsforum (SASUF)

As deel van die US se werk om 'n toonaangewende navorsingsintensiewe instelling in Afrika met 'n wêreldwye impak te wees, was ons op 9 en 10 Mei 2019 gasheer vir die tweede navorsing-en-innovasieseminaar van die Suid-Afrika-Swede-universiteitsforum (SASUF), wat in samehang met 'n leiersberaad aangebied is.

Die navorsing-en-innovasieseminaar het 500 navorsers en verteenwoordigers van finansieringsagentskappe, die bedryf en die regering in Suid-Afrika en Swede byeengebring. Die doel was om ondersoek in te stel na innoverende maniere om uitdagings soos klimaatsverandering, onderwys, gesondheidstelsels, samelewingskwessies, volhoubare verstedeliking en kubersekuriteit deur middel van navorsing, innovasie en samewerking die hoof te bied.

Die seminaar was die hoogtepunt van 'n navorsing-en-innovasieweek van 6 tot 10 Mei, waartydens 49 verskillende satellietgeleenthede oor die hele Suid-Afrika plaasgevind het. Hierdie geleentheid het 'n forum gebied vir samewerking en inligtingsuitruiling oor die verskillende onderwerpe hierbo (op grond van die Verenigde Nasies (VN) se volhoubare ontwikkelingsdoelwitte) om navorsings-, onderwys- en innovasiebande te verstewig.

Die leiersberaad was op sy beurt 'n byeenkoms van die visekanseliers en adjunkvisekanseliers van die 36 Suid-Afrikaanse en Sweedse universiteite wat tot die Forum behoort. Die doel was om die pad vorentoe te bepaal en onderwys-, navorsing- en innovasiesamewerking op die tematiese gebiede van die navorsing-en-innovasieseminaar verder te versterk. In 'n resoluie het SASUF-leiers 'n beroep op hulle onderskeie regerings gedoen om:

- navorsings- en onderwysvennootskappe te bevorder en te fasiliteer deur gepaste finansiering en 'n buigsame finansieringskema vir samewerking tussen Suid-Afrika en Swede te verseker
- buigsame mobiliteit vir studente en PhD-programme te bevorder deur bestaande finansieringsstrukture te versterk én nuwes te skep waar leemtes bestaan
- voorsiening te maak vir navorsing en opvoedkundige samewerking in verband met die volhoubare ontwikkelingsdoelwitte om sodoende die VN se Agenda 2030 te bevorder, en
- die volgende geslag akademici te help ontwikkel deur toelaagprogramme aan te voor wat spesifiek op ontluikende navorsers in Suid-Afrika en Swede afgestem is



*Die gekombineerde groep afgevaardigdes wat die navorsing-en-innovasieseminaar en die leiersberaad van SASUF bygewoon het*

### 4.3 Stellenbosch Internasionale Akademiese Netwerk (SIAN)

'n Groot deel van die VS se internasionaliseringwerk is om multilaterale alliansies, bilaterale vennootskappe en internasionale samewerking te bewerkstellig met vennote wat die Universiteit se strewe ondersteun om transformerende akademieskap aan al sy studente en personele te voorsien. Die Stellenbosch Internasionale Akademiese Netwerk (SIAN) is 'n kernplatform om dit te bereik.

Die jaarlikse SIAN-byeenkoms het van 9 tot 12 April 2019 plaasgevind. Die geleentheid bemark die US as 'n Study Abroad-bestemming en bring nuwe en bestaande vennote byeen vir 'n week van samesprekings. Die US het vanjaar 28 afgevaardigdes van 24 instellings en 16 lande verwelkom. Die SIAN-vergadering het afgeskop met 'n oorsig van die US se internasionaliseringprioriteite (deur prof Hester Klopper, Viserektor: Strategie en Internasionalisering) en 'n bekendstelling aan US Internasionaal (deur mnr Robert Kotze, Senior Direkteur: US Internasionaal).

By dieselfde geleentheid is daar ook erkenning verleen aan die 21 jaar lange vennootskap tussen die US en die Amerikaanse Instituut vir Buitelandse Studie (AIFS), 'n internasionale Study Abroad-verskaffer. Hierdie waardevolle vennootskap het die nodige stukrag verleen vir die vestiging van drie studentemobiliteitsprogramme by die US: 'n Study Abroad-semesterprogram, die winter-/somerskool gedurende die Junie-/Julie-vakansie, en onlangs ook 'n J-Term in Januarie. AIFS het sedert 1998 al 332 studente vir 'n semester na die US gestuur, 710 studente na die winter-/somerskool, en 14 studente na die eerste J-Term in 2019 – altesaam 2 056 studente in 21 jaar. Al drie programme dra aansienlik by tot US Internasionaal se finansieringsprogram vir uitwaartse studentemobiliteit.

Die tema van vanjaar se SIAN-byeenkoms was “Bedink internasionale onderwys”. Instellings wat aan die program deelgeneem het, was die universiteite van Zürich, Bath, Ghana, Lund, Glasgow, Helsinki, Lagos, Makerere, Botswana, Namibië, São Paulo, Leipzig, Hamburg, Leuven, Coventry, Antwerpen, die Tegiese Universiteit van München, die Normaaluniversiteit van Zhejiang (China), die Konstanz Universiteit vir Toegepaste Wetenskappe, die Kühne Universiteit vir Logistiek, King's College London, die Tsjeggiese Tegiese Universiteit in Praag, en die Hervormde Kerk-universiteit in Zimbabwe.

Die lys deelnemers aan SIAN 2019 is beskikbaar in bylaag E.



*Groepfoto van deelnemers aan SIAN 2019 by STIAS*

#### **4.4 Going Global-konferensie**

Die jaarlikse Going Global-konferensie oor die hoër onderwys is 'n uitstekende wêreldwye platform om die VS S&I se internasionaliseringwerk te bevorder en uit te brei. Hierdie konferensie het van 13 tot 15 Mei in Berlyn plaasgevind. Meer as 950 hoëronderrig- en sakeleiers van 85 lande het die geleentheid bygewoon om oor die toekoms van verdere en hoër onderwys te beraadslaag. Die US is deur die Rektor en Visekanselier, prof Wim de Villiers, en die Viserektor: Strategie en Internasionalisering, prof Hester Klopper, verteenwoordig.

Prof De Villiers het die konferensie oor twee onderwerpe toegesprek, naamlik hoe om navorsing met die volhoubare ontwikkelingsdoelwitte te versoen, en PhD's vir Afrika, met 'n besondere klem op die bevordering van doktorsopleiding en akademieskap op die Afrika-vasteland. Prof Klopper het as voorsitter en moderator opgetree van 'n gesprek oor die onderrig en ontwikkeling van wêreldburgerskap as 'n vorm van volhoubare ontwikkeling (teen die agtergrond van die VN se volhoubare ontwikkelingsdoelwitte) – 'n tema waarvoor daar deesdae wyd gedebatteer word by hoëronderriginstellings met internasionalisering as 'n strategiese fokus. Verskeie samesprekings is ook met bestaande en moontlike nuwe vennootuniversiteite gehou.

#### **4.5 BRICS-universiteitsliga (BRICS UL)**

Die Universiteit Stellenbosch het etlike memorandum van verstandhouding met universiteite in Suid-Afrika se BRICS-vennootlande, naamlik Brasilië, Rusland, Indië en China. Hierdie ooreenkomste, wat oor 'n aantal jaar onderteken is, maak hoofsaaklik voorsiening vir studente- en personeelmobiliteitsprogramme en vennootskappe om somerskole aan te bied, maar nie juis veel navorsingsamewerking nie. Nietemin het die Universiteit van Stellenbosch Bestuurskool (USB) die afgelope tyd 'n aantal bilaterale vennootskappe met instellings in die BRICS-lande aangegaan om toekomstige sakeleiers aan die uitdagings en geleenthede van die BRICS-ekonomieë bloot te stel.

Ná 'n traë begin sedert dit in 2015 tot stand gekom het, het die BRICS-universiteitsliga (BRICS UL) op 26 Mei 2019 sy eerste algemene vergadering by Fudan Universiteit in Shanghai, China, gehou. Afgesien van die formalisering van die liga se manifest, was 'n belangrike oogmerk van die vergadering om toekomstige gesamentlike programme tussen ligalede te bespreek. Prof Hester Klopper het die vergadering bygewoon met die oog daarop om die US se deelname aan die BRICS UL te versterk deur nuwe geleenthede te ondersoek en bestaande tekortkominge die hoof te bied.

#### **4.6 Ontwikkeling van nuwelingnavorsers deur Vereniging van Statebondsuniversiteite (ACU)**

Nuwelingnavorsers en -akademici is noodsaaklik vir lewenskragtige onderrig en navorsing op lang termyn, sowel as vir die toekoms van universiteite wêreldwyd. Hulle is die volgende geslag opvoeders, baanbreker-innoveerders en navorsingsleiers, en 'n waardevolle hulpbron wat gekoester en ontwikkel moet word. Dit is 'n besonder relevante fokuspunt vir die US om te sorg dat die instelling teen 2040 die voorste navorsingsintensiewe universiteit in Afrika sal wees, wat wêreldwyd as uitnemend, inklusief en innoverend erken word en waar ons kennis tot diens van die samelewing bevorder.

Met hierdie uitdaging in gedagte, is die VS S&I aktief op soek na geleenthede om met instellings met 'n soortgelyke missie saam te werk om 'n omgewing te skep waar hierdie nuwelingnavorsers kan floreer te midde van die ongekende druk van al hoe hoër studentetalle, wat ontluikende akademici met swaar onderrig- en administratiewe werk belas.

Teen hierdie agtergrond het die Vereniging van Statebondsuniversiteite (ACU) in samewerking met Universiteit Suid-Afrika (USAF) van 18 tot 19 Maart 'n simposium oor vermoëbou vir nuwelingnavorsers by die Universiteit van Johannesburg aangebied. Die Rektor en Visekanselier, prof Wim de Villiers; die Viserektor: Strategie en Internasionalisering, prof Hester Klopper; die Senior Direkteur: Navorsing en Innovasie, dr Therina Theron, en die Direkteur: Afrikasentrum vir

Akademieskap, prof Sarah Howie, het dit bygewoon. Prof Howie het die Afrika Doktorale Akademie (ADA) aan simposiumgangers voorgehou as 'n US-inisiatief om die loopbane van nuwelingnavorsers en -akademici te bevorder en te versnel. Ná haar aanbieding oor die ADA en ontmoetings met ACU-verteenwoordigers op Stellenbosch is beplanning nou goed op dreef om die ADA aan die ACU te koppel met die oog op verskeie vermoëbou-inisiatiewe vir nuwelingnavorsers.

#### **4.7 Vermoëbou vir universiteitsregistrateurs deur Vereniging van Afrika-universiteite (AAU)**

Ná 'n versoek deur die Vereniging van Afrika-universiteite (AAU) het die US se Registrateur, dr Ronel Retief, van 25 tot 28 Junie 2019 as medegasheer opgetree vir 'n vermoëbouwerkessie vir universiteitsregistrateurs en -administrateurs op Stellenbosch. Die vier dae lange werkessieprogram het onderwerpe soos studenterekordbestuur, eksamens en roosters, gradeplegtighede en professionele ontwikkeling aangeroe. Die 14 deelnemers het visekanseliers, registrateurs en senior administrateurs van universiteite in Zimbabwe, Ghana, Malawi, Nigerië, Mauritius, Tanzanië, Uganda, Kenia en Suid-Afrika ingesluit. Personeellede van US Internasionaal het bystand verleen met die reëlings vir die geleentheid.

#### **4.8 SA Japannese Universiteite (SAJU)**

SAJU dien as 'n platform en struktuur vir samewerking tussen die hoërondewysinstellings van Japan en Suid-Afrika. Groot finansieringsagentskappe wat graag meer multilaterale samewerking tussen lande en instellings wil sien, verkies hierdie tipe internasionale vennootskappe. Die US het tans ses navorsingsprojekte met 13 Japannese instellings, en belangstelling in studente-uitruilaksies met die US hou aan toeneem.

Die vierde SAJU-konferensie oor die tema “Die mens in die 21ste eeu teen die agtergrond van wêreldwye veranderinge” het op 24 Mei 2019 in Pretoria plaasgevind. Verteenwoordigers van die VS het dit bygewoon met die oog daarop om die huidige bilaterale verhouding met Japannese universiteite verder uit te brei om ook moontlike gesamentlike navorsing, kurrikulumontwikkeling en opleiding in te sluit.

#### **4.9 Akademiese Raad oor die Verenigde Nasies-stelsel (ACUNS)**

ACUNS is 'n wêreldwye professionele vereniging van opvoedkundige en navorsingsinstellings, individuele vakkundiges en praktisyns wat die Verenigde Nasies, multilaterale verhoudings, globale staatsbestuur en internasionale samewerking bestudeer. Dit bevorder onderrig op die gebied van multilateralisme sowel as gesprek en wedersydse begrip tussen akademici, die burgerlike samelewing en studente.

Die US behoort tot ACUNS, en die Fakulteit Krygskunde is die hoofbewaarder van dié verhouding. In die lig van die US se klem op internasionalisering was die VS S&I en die Fakulteit Krygskunde van 19 tot 21 Junie 2019 gasheer vir die ACUNS-jaarvergadering en -konferensie op Stellenbosch. Die geleentheid, wat oor die bevordering van die volhoubare ontwikkelingsdoelwitte in Afrika gehandel het, het US-akademici en toonaangewende figure op die terrein van staatsbestuur en globale asimmetrië 'n geleentheid gebied om gedagtes en sienings oor staatsbestuur en ander, verbandhoudende sake in Afrika uit te ruil. Deur die samewerkingspogings en finansiering van die Fakulteit Krygskunde kon die direkteure van die Alliansie van Afrika-navorsingsuniversiteite (ARUA) se sentrums van uitnemendheid elders op die vasteland ook hierdie uiters belangrike dinkskrum bywoon. Prof Thuli Madonsela, bekleër van die leerstoel in maatskaplike geregtigheid aan die US, het die John W Holmes-lesing ter ere van dié stigterslid van ACUNS gelewer.

#### 4.10 EU-intra-Afrika-program

Deur sy Sentrum vir Samewerking in Afrika koördineer die VS S&I twee intra-AKP-programme (d.w.s. programme vir die Afrika-, Karibiese en Pasifiese streek) wat deur die Europese Kommissie gefinansier word. Die programme, genaamd TRECCA I en TRECCA II, word bedryf in vennootskap met die universiteite van Dar es Salaam (Tanzanië), Mekelle (Ethiopië), Ghana, Nigerië, Nairobi (Kenia) en Botswana (laasgenoemde is slegs by TRECCA II betrokke).

Hoewel TRECCA I in 2017 ten einde geloop het, is finale verslae eers gedurende die oorsigtydperk oorweeg. Die program het altesaam 65 mobiliteitsgeleenthede tussen die verskillende vennootinstellings geskep.

**Tabel 4: Mobiliteitsgeleenthede geskep deur TRECCA I-program**

TIPE MOBILITEIT	AANSOEKE ONTVANG	TOEKENNINGS GEMAAK
Magister	452	37
Doktoraal	54	19
Personeel	9	9
<b>TOTAAL</b>	<b>515</b>	<b>65</b>

TRECCA II word nou geïmplementeer nadat 'n finale versoek vir aansoeke teen die einde van 2018 uitgereik is. Tot dusver is 19 magister-, 27 doktorale en 17 personeelmobiliteitsgeleenthede voorsien en finale verslagdoening word teen die einde van 2019 verwag.

Die EACEA (die Europese Kommissie se bestuursagentskap vir onderwys, oudiovisuele materiaal en kultuur) het vroeër vanjaar die jongste versoek vir intra-Afrika-aansoeke gepubliseer. Die US het in antwoord daarop twee voorstelle onder leiding van proff Mark Swilling en Marena Manley ingedien en tot 'n verdere sewe voorstelle bygedra. 'n Samevatting van die projekte en vennootinstellings verskyn in die tabel hieronder.

**Tabel 5: Samevatting van EACEA-projekte met vennootinstellings**

PROJEK-AKRONIEM	LEIER-UNIVERSITEIT	LAND	HOOF-KONTAK-PERSOON	US-AKA-DEMIKUS	TEMATIESE GEBIED
TISDA	Universiteit Stellenbosch	SA	Proff Desta Belay/ Mark Swilling		Transformasiegerigte infrastruktuur en volhoubare ontwikkeling
STEPS	Universiteit Stellenbosch	SA	Prof Marena Manley		Voedselwetenskap
PAMLis	Universiteit van Ibadan	Nigerië	Proff Adebola & Akinyinka	Prof Willem Visser	Natuurwetenskap
AFRITEC	SFAX Universiteit	Tunisië	Prof Brahim	Prof Marena Manley	Voedselwetenskap & ingenieurswese
MASTET	Universiteit van Buea	Kameroen	Prof Manga	Prof Marena Manley	Ingenieurswese

MEAIC	Universiteit van Ghana	Ghana	Prof Owusu	Prof Marena Manley	Omgewing en landbou
ELbM	Botswana Internasionale Universiteit vir Wetenskap en Tegnologie	Botswana	Prof Totolo	Dr Devon Hagedorn-Hansen	Ingenieurswese
MOLANH	Universiteit van Abomey Calavi	Benin	Dr Da Cruz	Dr Mbenyani	Gesondheids-wetenskap
STOB-HCA	Wits	Suid-Afrika	Prof Vilakazi	Prof Faadiel Essop	Fakulteit Natuurwetenskappe

Die uitslag van die keuringsproses word in die derde kwartaal van 2019 verwag.

#### 4.11 Samewerking in Afrika met behulp van die US se Afrika-samewerkingstoelaag (ACG)

Die VS S&I se Sentrum vir Samewerking in Afrika (SSA) bevorder verskeie in- en uitwaartse aktiwiteite deur personelede, nadoktorale genote en nagraadse studente van die US. Die aktiwiteite word deur middel van die Afrika-samewerkingstoelaag (ACG) en bilaterale ooreenkomste tussen ons vennootinstellings ondersteun, en behels navorsingsprojekte, onderrig en leer, en – in die geval van nagraadse studente – konferensies in ander Afrika-lande. 'n Tabel met die aktiwiteite met ander Afrika-vennote in die verslagtydperk verskyn in bylaag F.

#### 4.12 AU/NEPAD SANWATCE

Die sekretariaat van die AU/NEPAD Suider-Afrikaanse Netwerk van Watersentrums van Uitnemendheid (SANWATCE) is gesetel in US Internasionaal.

- As deel van die sekretariaat se aktiwiteite het dr Nico Elema van 25 Oktober tot 2 November 2018 die 11de vergadering van die Afrika-ministersraad oor water (AMCOW) in Libreville, Gabon, bygewoon.
- Dr Elema het ook tussen 19 en 22 Februarie 2019 aan die werksessie oor nagraadse kurrikulumontwikkeling en -staving by die Instituut vir Water- en Energiewetenskappe van die Pan-Afrika Universiteit (PAUWES) in Themcen, Algerië, deelgeneem. Dié samewerking strook met die doelwit van AU/NEPAD SANWATCE om navorsing en vermoë in die Afrika-watersektor te bou.
- Die sekretariaat het van 10 tot 15 Maart 2019 'n SPATSIM-werksessie oor hidrologiese modellering by STIAS aangebied. Sewentien afgevaardigdes van verskillende vennootinstellings in die SAOG-streek het dit bygewoon. Vennootinstellings wat daar verteenwoordig was, het ingesluit die kommissie oor die Zambezi-kom, die universiteite van Malawi, Botswana en Wes-Kaapland, Rhodes Universiteit, die SAOG-waterafdeling, die Eduardo Mondlane Universiteit en die Europese Kommissie. Aangesien dít die eerste werksessie van sy soort was, het die geleentheid nie net samewerking tussen die vennote versterk nie, maar ook 'n beduidende wetenskaplike bydrae tot onderlinge hidrologiese modelleringsvermoë in die streek gelewer.

Die sekretariaat het boonop van 17 tot 19 Junie 2019 aan die veel besproke byeenkoms European Development Days (EDD) in Brussel deelgeneem. Me Joanna Fatch het die NEPAD SANWATCE verteenwoordig gedurende die hoëvlaksessies, wat deur die Europese Kommissie (EK) se direktoraat vir internasionale samewerking en ontwikkeling, die EK se gesamentlike navorsingsentrum, UNESCO, Pan-Afrika-universiteite en AMCOW bygewoon is. Die vergaderings en tentoonstelling van aktiwiteite

by die EDD was as voorbereiding vir die volgende fase van die EK-gefinansierde waterprojek ACEWATER.

In pas met sy ministeriële opdrag doen die SANWATCE-sekretariaat direk verslag aan die SAOG-ministers van water, hoër onderwys sowel as wetenskap en tegnologie.

#### **4.13 Confucius-instituut**

Die Confucius-instituut, wat in die VS S&I geleë is, bied Chinees-lesse aan by 15 skole op Stellenbosch, Worcester en omgewing, en altesaam 932 skoolleerders woon dié klasse deur US Internasionaal by. Worcester Gimnasium het Chinees by sy kurrikulum geïntegreer en graad 8- en graad 9-leerders van die hoërskole Kylemore en Stellenbosch leer ook sedert Januarie 2019 weekliks Chinees. By die laerskole wat met die Confucius-instituut saamwerk, het die Chinees-onderwysers 'n aktiwiteitsgebaseerde onderrigmetode in gebruik geneem om leerders dié taal op 'n prettige manier te help aanleer.

Daarbenewens het die Confucius-instituut sy klasse by die Universiteit Stellenbosch vir die publiek oopgestel en 64 geregistreerde studente van die Universiteit en lede van die plaaslike gemeenskap is geregistreer. Die Chinees-aandklasse bestaan tans uit vier vaardigheidsvlakke, naamlik beginners, intermediêr, hoër intermediêr en gevorderd. Mnr Robert Kotze, Senior Direkteur: US Internasionaal, dien as mededirekteur van die Confucius-instituut.

#### **4.14 Internasionale besoeke aan en afvaardigings na die US**

Die VS S&I se pogings om die Universiteit se internasionaliseringagenda te bevorder, word ondersteun deur 'n wye verskeidenheid internasionale besoeke en inisiatiewe, wat as raamwerk dien vir die skep van doelgerigte multilaterale alliansies en bilaterale vennootskappe met die klem op Afrika en ander strategies geïdentifiseerde vennote. Hierdie besoeke en inisiatiewe sluit in die bestuur van 'n omvattende besoekprogram met betrekking tot inwaartse studentemobilititeit, besoeke deur verteenwoordigers van vennootinstellings, besoeke deur afvaardigings wat op soek is na vennootskappe en samewerking met die US, sowel as besoeke met betrekking tot/deur regerings, internasionale organisasies, ontwikkelingsagentskappe en algemene afvaardigings. Dít alles kan uiteindelik tot die hernuwing van bestaande ooreenkomste of die skep van nuwe vennootskappe en samewerking lei. Die lys besoekers verskyn saam met ander verbandhoudende inligting in bylaag B.

#### **4.15 Uitbreiding van verhoudinge met ons groeiende internasionale alumni-gemeenskap**

'n Belangrike deel van die US se filosofie om die wêreld rondom ons te beïnvloed en daardeur beïnvloed te word, word weerspieël in ons doelgemaakte programme om verhoudinge met ons wêreldwye alumni-gemeenskap te bevorder en uit te brei; hierdie gemeenskap het nie slegs 'n gevestigde belang daarin om toe te sien dat die US in 'n steeds veranderende wêreld tersaaklik bly nie, maar sorg deur middel van hul professionele insette en leiding dat die US-ervaring vir huidige en toekomstige studente transformerend van aard is.

#### **'n Kort oorsig van die US se betrokkenheid by internasionale geleenthede met alumni – 2019**

DATUM	STAD/ LAND	SOORT GELEENTHEID	AANTAL BYWONERS	HOOFSPREKERS (WAAR TOEPASLIK)	ONDERWERPE (WAAR TOEPASLIK)
14 Feb	Melbourne, Australië	Publieke lesing en dialoog	9	Prof Pumla Gobodo Madikizela	<i>“Historical trauma and the role of art expression in healing”</i>
18 Feb	Stad Luxemburg, Luxemburg	Skemerkelkie- geleentheid	9	Karen Bruns	<i>Jongste oor vordering by Universiteit Stellenbosch</i>
23 Feb	Roeselare, België	<i>Besoek aan die kunsuitstalling van Jeff Kowatch</i>	25	Karen Bruns	<i>Jongste oor vordering by Universiteit Stellenbosch</i>
28 Feb	Londen, VK	Skemerkelkie- en netwerk- geleentheid	25	Dalton Odendaal, VK-trustee	<i>“The importance of the role that alumni play in their alma mater”</i>
2 Maart	Haarlem, Nederland	Tuiskoms- geleentheid	29	Alison April	<i>Jongste oor vordering by Universiteit Stellenbosch</i>
2 Maart	Helsinki, Finland	Gesinsmiddag	2	Folkers Tulki- Williams	<i>N.v.t.</i>
24 Maart	Lievegem, België	Skemerkelkie- geleentheid	12	Alison April	<i>Jongste oor vordering by die Universiteit Stellenbosch</i>
8 April	Oslo, Noorweë	Besoek aan die Nobel- vredesentrum	22	Folkers Tulki- Williams	<i>Jongste oor vordering by Universiteit Stellenbosch</i>
10 April	Kopenhagen, Denemarke	Besoek aan die Deense filminstituut	5	Folkers Tulki- Williams	<i>N.v.t.</i>
11 April	München, Duitsland	Skemerkelkie- geleentheid	8	Alison April	<i>Jongste oor vordering by Universiteit Stellenbosch</i>
15 April	Helsinki, Finland	Bywoning van ’n musiekopvoering deur ’n Helsinki- mannekoor wat die Universiteit Stellenbosch ’n paar maande	5	Folkers Tulki- Williams	<i>N.v.t.</i>



		vantevore besoek het			
17 April	Stockholm, Swede	Skemerkelkiegeleentheid en 'n besoek aan die Sweedse koninklike operahuis om na 'n Duitse trompetter, Matthias Höfs, en die koninklike Sweedse orkes te luister	10	Folkers Tulki-Williams	N.v.t.
23 April	New York, VSA	Publieke dialoog	82	Prof Thuli Madonsela	<i>“Social Justice in South Africa”</i>
26 April	Londen, VK	Skemerkelkiesen netwerkgeleentheid	16	Prof Wayne Derman	<i>“Staying young whilst getting older - without Botox, Prozac or Viagra. How to live well in 2019!”</i>
9 Mei	Hamburg, Duitsland	Skemerkelkiesen netwerkgeleentheid	15	Karen Bruns	<i>Jongste oor vordering by Universiteit Stellenbosch</i>
14 Mei	Berlyn, Duitsland	Skemerkelkiesen netwerkgeleentheid	39	Karen Bruns	<i>Jongste oor vordering by Universiteit Stellenbosch</i>
15 Mei	Düsseldorf, Duitsland	Skemerkelkiesen netwerkgeleentheid	26	Prof Wim de Villiers	<i>Jongste oor vordering by Universiteit Stellenbosch</i>
20 Mei	Antwerpen, België	Skemerkelkiesen netwerkgeleentheid	13	Karen Bruns	<i>Jongste oor vordering by Universiteit Stellenbosch</i>
4 Junie	Boston, VSA	Publieke lesing	14	Prof Wayne Derman	<i>“Staying young whilst getting older - without Botox, Prozac or Viagra. How to live well in 2019!”</i>
6 Junie	New York, VSA	Publieke lesing	45	Prof Wayne Derman	<i>“Staying young whilst getting older - without Botox, Prozac or Viagra.</i>

					<i>How to live well in 2019!</i>
15 Junie	Londen, VK	Skemerkelkiegeleentheid vir vroue	15	Liesl Fichardt, VK-trustee	<i>“Woman in the workplace – the highs and the lows and the need for women’s networks”</i>
26 Junie	Windhoek, Namibië	Skemerkelkieren netwerkgeleentheid	121	Dr Morne Mostert	<i>“Futures”</i>
2 Julie	Stad Luxemburg, Luxemburg	Publieke lesing	28	Prof Ingrid Woolard	<i>“The tax system and redistribution of income in South Africa”</i>
16 Julie	Dublin, Ierland	Skemerkelkieren netwerkgeleentheid	49	Prof Wim de Villiers	<i>Jongste oor vordering by Universiteit Stellenbosch</i>
17 Julie	Cardiff, Wallis	Skemerkelkieren netwerkgeleentheid	13	Sarah Archer	<i>Jongste oor vordering by Universiteit Stellenbosch</i>
18 Julie	Edinburg, Skotland	Skemerkelkieren netwerkgeleentheid	23	Sarah Archer	<i>Jongste oor vordering by die Universiteit Stellenbosch</i>
22 Aug	Londen, VK	Piekniek met vriende	9	Darryn Havenga	<i>N.v.t.</i>
<b><u>Tydperk: Januarie – Augustus 2019</u></b>			<b><u>Tydperk: Januarie – Desember 2018</u></b>		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• Aantal geleenthede – 27</li> <li>• Aantal lande bedien – 15</li> <li>• Aantal stede besoek – 21</li> <li>• Aantal alumni (en vriende) betrokke – 669</li> </ul>			<ul style="list-style-type: none"> <li>• Aantal geleenthede – 32</li> <li>• Aantal lande bedien – 13</li> <li>• Aantal stede besoek – 26</li> <li>• Aantal alumni (en vriende) betrokke – 962</li> </ul>		

## 5. GENETWERKTE EN SAMEWERKENDE ONDERRIG EN LEER

Visie 2040 en Strategiese Raamwerk 2019 – 2024 vat hierdie kern strategiese tema soos volg saam: “Die US pak hiermee ’n reis van genetwerkte en samewerkende onderrig en leer aan deur leergemeenskappe te skep waar studente, personeel en alumni sinvolle leer kan ervaar. Die Universiteit bevorder ’n leergerigte benadering tot onderrig, met die klem op leer as ’n vennootskap, wat studente as medeskeppers van kennis en leeromgewings beskou. Binne ’n leergerigte benadering werk onderrigaktiwiteite kennisbou in die hand en word studente aktief by hulle eie leer betrek.

“Die Universiteit het ook ’n holistiese begrip van onderrig en leer, wat individuele sowel as sosiale voordele insluit. Die US se onderrigpraktyke is diep veranker in, word gevorm deur en reageer op die omgewings waarin dit plaasvind.

“Hierdie benaderings rig die Universiteit as ’n leerorganisasie, wat die ontwikkeling van leergemeenskappe onder studente, personeel en alumni in verskillende konfigurasies moontlik maak. Genetwerkte en samewerkende leer skep ’n omgewing wat intellektuele weetgierigheid aanmoedig, synde ’n noodsaaklike vaardigheid vir volgehoue kritiese en kreatiewe denke.”

In ons strewe om ons wêreldwye teenwoordigheid te versterk en ál ons graduandi met die vaardighede en kenmerke toe te rus wat die internasionale kenniseconomie vereis, is die VS S&I verbind tot genetwerkte en samewerkende navorsing, onderrig en leer deur leergemeenskappe op plaaslike, streeks- en wêreldvlak te skep. Sodoende bly die US aan die voorpunt van innovasie, nuwe navorsing, tegnologiese metodes en baanbrekerdenke.

## **5.1 Verkenning van die gebied van datawetenskap en berekeningsdenke**

Prof Wim de Villiers, Rektor en Visekanselier, het van 14 tot 19 Oktober 2018 ’n US-afvaardiging na die Northwestern Universiteit, die Universiteit van Illinois Urbana-Champaign, Stanford Universiteit en die Universiteit van Kalifornië Berkeley gelei. Die oorhoofse doel was om op die breë terrein van datawetenskap met die instellings te skakel ter ondersteuning van die US se voorneme om die Stellenbosse Skool vir Datawetenskap en Berekeningsdenke op die been te bring. Lede van die afvaardiging was:

Prof Wim de Villiers, Rektor en Visekanselier  
Prof Hester Klopper, Viserektor: Strategie en Internasionalisering  
Prof Wikus van Niekerk, Dekaan: Ingenieurswese  
Prof Ronel du Preez, Visedekaan: Leer en Onderrig in Ekonomiese en Bestuurswetenskappe  
Prof Danie Brink, Dekaan: AgriWetenskappe  
Prof Louise Warnich, Dekaan: Natuurwetenskappe  
Prof Tony Leysens, Dekaan: Lettere en Sosiale Wetenskappe  
Prof Nico Gey van Pittius, Visedekaan: Navorsing in Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe  
Me Lidia du Plessis, US Internasionaal

Heelwat van die beste praktyk wat gedurende die besoek waargeneem is, is sedertdien gebruik om die Skool vir Datawetenskap en Berekeningsdenke tot stand te bring.

## **5.2 eLearning Africa-konferensie, Kigali, Rwanda, 26 tot 28 September 2018**

In die lig van die belang van e-leer vir die toekomstige aanlyn en gemengdeleeraanbod by die US, het die VS S&I die eLearning Africa-konferensie in Kigali in September 2018 ten volle benut. Dit is die grootste konferensie oor tegnologiegesteunde leer en opleiding op die vasteland en het uit drie bedrywige dae van formele aanbiedings, skakeling, interaktiewe sessies en werksessies bestaan. Die Afrika-ministers van onderwys en inligtingstegnologie het ook die jaarlikse ministeriële tafelronde by die konferensie bygewoon. Prof Sarah Howie en me Corina du Toit van die Afrikasentrum vir Akademieskap het die konferensie bygewoon.

## **6. NAVORSING VIR IMPAK**

Ter ondersteuning van die US se strewe om die navorsingsleier op die vasteland te wees, is die VS S&I intens betrokke by die ontwikkeling van ’n navorsingsagenda wat op ons waardes, die samelewing se behoeftes en die noodsaak van volhoubaarheid berus.

## **6.1 Alliansie van Afrika-navorsingsuniversiteite (ARUA)**

Ons vervul 'n aktiewe rol in die bestuurstrukture van die Alliansie van Afrika-navorsingsuniversiteite (ARUA). ARUA is 'n netwerk van 18 universiteite van verskillende lande en historiese omstandighede, maar met 'n gemeenskaplike visie om die gehalte van navorsing in Afrika deur Afrika-navorsers uit te brei en te verbeter.

Die US dien as gasheer vir die ARUA Sentrum van Uitnemendheid (SvU) in Energie, maar werk ook saam aan 'n aantal ander temas.


ARUA se SvU's is gedurende die verslagtydperk formeel genooi om projekvoorstelle in te dien vir finansiering deur die Global Challenges Research Fund (GCRF), wat onder die liggaam UK Research and Innovation (UKRI) val. Die aanvanklike beskikbare finansiering bedra £600 000 oor drie jaar om navorsers, werksessies, netwerkvorming, navorserskakeling en interaksies met navorsingsprojekte te ondersteun. 'n Verdere uitnodiging aan konsortiums van die verskillende SvU's word ook verwag om toegang te bekom tot finansieringsgeleenthede van £2 miljoen van die UKRI. As voorbereiding om op die GCRF-UKRI-uitnodiging te reageer, het prof Eugene Cloete op 25 April 2019 'n werksessie in Kigali, Rwanda, bygewoon. Die N8-universiteitsgroep van die Verenigde Koninkryk het ook van 9 tot 10 Mei 2019 'n werksessie in Accra, Ghana, aangebied om vennootskapsgeleenthede te ondersoek. US-kollegas prof Sampson Mampwheli en drs Neil Goosen en Nico Elema het die werksessie bygewoon.

Dr Nico Elema, Bestuurder: Sentrum vir Samewerking in Afrika, het die Universiteit van Lagos (UNILAG) in Nigerië besoek om samewerking te versterk. Daarna het prof Hester Klopper by hom aangesluit vir die bekendstelling van die ARUA SvU's in onderskeidelik Werkloosheid en Vaardigheidsontwikkeling, en Verstedeliking en Bewoonbare Stede, albei by UNILAG. Prof Aslam Fataar van die US se Fakulteit Opvoedkunde het ook deelgeneem. Dié geleentheid is boonop benut om met die Visekanselier van UNILAG, prof Oluwatoying Ogundipe, te ontmoet om 'n institusionele bilaterale ooreenkoms tussen die US en UNILAG tot stand te bring. Die besoek is afgesluit met prof Klopper se deelname aan die vergadering van ARUA-viserektore. Prof Klopper en dr Neill Goosen het op 3 September 2019 'n werkwinkel bygewoon wat deur PEDAL by die Universiteit van Makerere in Kampala, Uganda, aangebied is, en op 4 September 2019 deur die ARUA DVC-vergadering gevolg is. ARUA is van 18 tot 19 November 2019 die gasheer van 'n konferensie in Nairobi, Kenia.

## **6.2 Bekendstelling van US Afrika-platform**


As gevolg van die magdom akademiese aktiwiteite wat die VS S&I se Sentrum vir Samewerking in Afrika moet bestuur, het daar 'n dringende behoefte ontstaan aan 'n digitale platform wat noodsaaklike inligting in 'n maklik toeganklike vorm aan alle interne en eksterne belanghebbendes in die US se uitgebreide samewerkingsnetwerk voorsien. Die US het tans meer as 120 samewerkingsprojekte met sowat 100 instellings in 30 Afrika-lande, waar ons deur ons navorsingsprogramme en gevestigde onderrig-en-leernetwerk akademieskap van gehalte fasiliteer.

## US op die Afrika-vasteland



*Die US het tans meer as 120 samewerkingsprojekte in 30 Afrika-lande.*

Die US Afrika-platform ([www.sun.ac.za/english/AfricaSU](http://www.sun.ac.za/english/AfricaSU)) bied onder meer inligting oor studiegeleenthede vir studente buite Suid-Afrikaanse grense, nuus oor mobiliteitstoelae vir personele en nadoktorale genote met die oog daarop om die US se Afrika-vennootskappe te versterk, inligting oor die US se skakeling in Afrika deur bilaterale ooreenkomste met 26 ander Afrika-onderwysinstellings én die geleenthede wat daaruit spruit, sowel as belangrike inligting vir die akademiese gemeenskap oor studiegeleenthede, finansieringsmoontlikhede, navorsingsaktiwiteite, studenteverenigings, geleenthede, ensovoorts.



'n Skermgreep van die US Afrika-webtuiste

### 6.3 Die ontwikkeling van akademieskap

Die doel van die Afrikasentrum vir Akademieskap (ASA) is om nuwe en ontluikende vakkundiges in Afrika te bemagtig en sodoende tot die ontwikkeling van die vasteland en sy mense by te dra deur vakkundiges wêreldwyd met mekaar te verbind en geleenthede te skep vir navorsing oor die uitbouing van hoërsonderwys en -leer.


Die VS neem deel aan die bou van kampus- en internasionale netwerke om ons reikwydte en bydrae tot die akademiese en navorsingsprogram van die Universiteit te versterk. Dít sluit in die PhD-ontwikkelingsprogram in Ekonomie vir personelede van die universiteite van Stellenbosch, Bath en Fort Hare, die Stellenbosse Skool vir Datawetenskap en Rekenaardenk, en die Sentrum vir Leertegnologieë om 'n proefkursus vir die Afrika-e-leerprogram te help skep.

Die ASA is tans ook betrokke by die ontwikkeling van 'n kursus oor akademiese leierskap, en nóg een oor datavisualisering/werk met groot datastelle/bio-informatika/Python (met die Universiteit van Londen). Boonop is die Sentrum in gesprek met die Universiteit van Bath se doktorsale vaardigheidsprogram (veral die afdeling oor openbaarskakelingshulpbronne) om aanbieders van die Universiteit van Bath vir doktorsale studieleiding en personeelontwikkeling te gebruik.

#### 6.3.1 Afrika Doktorsale Akademie (ADA)

Die Afrika Doktorsale Akademie (ADA), wat onder die Afrikasentrum vir Akademieskap val, het in Mei (Afrika-maand) sy tiende bestaansjaar gevier. Die ADA is in 2009 gestig as deel van die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe, maar het in 2014 na US Internasionaal geskuif om 'n groter institusionele doel te dien deur doktorsale opleiding en akademieskap in alle vakrigtings op die vasteland strategies te ondersteun, te versterk en te bevorder. Deur sy jaarlikse somer- en winterskole het die ADA reeds 210 werksessies vir 4 526 deelnemers van 53 lande aangebied.

## Tendense: Nasionaliteit van afgevaardigdes (2016 – 2019)



Die diagram toon die onlangse toename in ADA-deelnemers van buite Suid-Afrika.

Die tiende jaarlikse ADA-somerskool (3 tot 18 Januarie 2019) het 218 afgevaardigdes gehad wat aan 19 werksessies deelgeneem het. Aanbieders het akademië van KU Leuven (België), die universiteite van St Gallen (Switserland), Michigan (Verenigde State), Nebraska, Lincoln (Verenigde State) sowel as Trinity College Dublin (Ierland) ingesluit. Afgevaardigdes het onder meer uit personeellede en studente van universiteite in Botswana, Kenia, Nigerië, Tanzanië, Uganda, Zambië en Zimbabwe bestaan.

Altesaam 400 deelnemers het vanjaar aan die 17 werksessies van die ADA-winterskool deelgeneem, wat dit die gewildste skool die afgelope tien jaar maak. Negentien aanbieders – twee van die Verenigde State, een van Ierland, een van België en die res van Suid-Afrika – het die werksessies oor twee en 'n halwe weke gefasiliteer.

### 6.4 Instelling van gesamentlike skole

'n Beduidende mylpaal in die uitbreiding van die VS se navorsingsontwikkelingsagenda is die instelling van gesamentlike doktrale skole om doktrale opleiding op die vasteland te ondersteun. Vir dié program besluit die gasheerinstelling op die onderwerp vir die skool en ontwikkel dan die kurrikulum in samewerking met US-personeellede. Die tabel hieronder toon die huidige netwerk van gesamentlike doktrale skole deur die hele Afrika. Prof Sarah Howie, Direkteur: ASA, gaan voort om moontlikhede vir die verdere uitbreiding van die gesamentlike skole te ondersoek.

**Tabel 6: US-aangevoorde gesamentlike doktorale skole by vennootinstellings in Afrika**

**Gesamentlike doktorale skole in Afrika**


- In 2016/17 het 300 afgevaardigdes aan vyf US-aangevoorde gesamentlike doktorale skole by vennootinstellings deelgeneem (Makerere Universiteit in Uganda, die Universiteit van Malawi en die Universiteit van Namibië)
- **2018:**

Instelling	Fokus	Teikengroep	Afgevaardigdes
Ardhi Universiteit, Tanzanië	PERIPERI U/gevorderde navorsingsmetodes	Ramprisikobe-stuursnavorsers en -praktisyns	7 (34)
Makerere Universiteit, Uganda	Werkessie oor publikasie	Dosente	44
Strathmore Universiteit, Kenya	Doktorale studieleiding; skryf en publikasie	Dosente en PhD-studente	34 27
Makerere Universiteit, Uganda	Nagraadse studieleiding	Dosente van tien Ugandese universiteite	42 (33)

**Gesamentlike doktorsgrade**

Die US het in Desember 2018 ses gesamentlike PhD's toegeken (Universiteit van Gent, Vrije Universiteit, Hasselt Universiteit (België), Karolinska Instituut (Swede), Universidade Federal de Ouro Preto (Brasilië) en Universiteit van Hamburg (Duitsland)). Twee gesamentlike PhD's is in April 2019 toegeken (Universiteit van Gent (België) en Université Jean Monnet Saint-Etienne (Frankryk)). In dieselfde tydperk is 12 dubbele magistergrade saam met die universiteite van Leipzig, Göttingen en Reutlingen (Duitsland) toegeken.

Nuwe PhD-samewerkingsprogramme is in die verslagtydperk saam met die Université de Bretagne Occidentale (Frankryk) en Università degli Studi di Padova (Italië) ontwikkel.



*Die US het gesamentlike doktorale ooreenkomste met 23 universiteite wêreldwyd.*



## 7. VOORKEURWERKGEWER

### 7.1 Doktorale program vir universiteitspersoneel van Suid-Afrika en die Verenigde Koninkryk (USDP)

Die Britse Raad het in oorleg met die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding vier konsortiums vir die doktorale program vir universiteitspersoneel van Suid-Afrika en die Verenigde Koninkryk (USDP) gekies waarby die VS S&I betrokke is. Die konsortiums is met:

- Die Universiteit van Loughborough, Universiteit van Wes-Kaapland, Kaapse Skiereiland Universiteit vir Tegnologie, en Wits: Sportgeneeskunde en Sportwetenskap, Gesondheid en Welstand
- Die universiteite van Bath en Fort Hare: Ekonomie en Bestuurskoolonderwerpe
- Die Universiteit van Coventry en Walter Sisulu Universiteit (Opvoedkunde)
- Die Universiteit van Sussex, Universiteit van Limpopo, Universiteit van Johannesburg en Vaal Universiteit vir Tegnologie: Wiskundige Wetenskappe

Die toelaagprogram bevorder samewerking en sterker vennootskappe tussen universiteit van Suid-Afrika en die Verenigde Koninkryk. Dit finansier ook ontmoetings tussen die groepe om voorstelle in pas met die USDP-doelwitte te ontwikkel wat permanente universiteitspersoneel hulle doktorsgrade binne hoogstens vier jaar sal help verwerf en universiteite se studieleidingsvermoë sal bou.

### 7.2 Internasionaliseringsopleiding vir professionele administratiewe steunpersoneel

Ses steundienstpersoneel het deel uitgemaak van die VS S&I se eerste steunpersoneelontwikkelingsprogram in samewerking met die Afdeling Menslike Hulpbronne (MH). Ná voorbereidingsessies op Stellenbosch het die groep van 6 tot 13 Oktober 2018 besoek afgelê by KU Leuven in België en die Universiteit van Leipzig in Duitsland vir opleidingswerksessies in internasionalisering en om met eweknieë by die twee instellings te skakel. Die afvaardiging het bestaan uit:

Kristin Rutgers, MH-praktisyn

Abigail Lackay, MH-praktisyn

Nazli Daniels, fakulteitsekretaresse vir Ekonomiese en Bestuurswetenskappe

Kathryn Wirth, gemengdeleerkoördineerder vir die Fakulteit AgriWetenskappe

Yolanda Engelbrecht, senior tegniese beampte in die Fakulteit Natuurwetenskappe

Peta Steyn, hoof- tegniese beampte in die Fakulteit Natuurwetenskappe

Lidia du Plessis, US Internasionaal (fasiliteerder).

Die program het nie net as 'n geleentheid vir persoonlike en professionele ontwikkeling gedien nie, maar ook as 'n instrument om internasionalisering in die steundiensteomgewing te versterk. Die voorneme is om die program in samewerking met MH formeel by die personeelontwikkelingsinisiatief van die US in te sluit.

### 7.3 Erasmus+-program

Die VS S&I is 'n aktiewe deelnemer aan die Erasmus+-program deur die aktiwiteite van US Internasionaal. Hierdie toelaagprogram, wat deur die Europese Unie (EU) ondersteun word, beoog om personeel- en studentemobiliteit tussen bilaterale vennootinstellings binne die EU sowel as tussen 'n universiteit in die EU en 'n bilaterale vennoot elders in die wêreld te ondersteun. Erasmus+ het 'n uitgebreide program van in- en uitwaartse mobiliteitsgeleenthede vir US-personelede en kollegas van ons deelnemende eweknieë in die buiteland bewerkstellig.

Twintig akademiese personeellede van 'n verskeidenheid dissiplines by oorsese hoëronderrysinstellings het in die verslagtydperk die geleentheid ontvang om aan die akademiese en navorsingsprogramme van die US deel te neem. Die lys van inwaartse personeelmobiliteit vir 2019 verskyn in bylaag G.

Daarbenewens het vyftien lede van die US se akademiese en professionele steundienstpersoneel gedurende dieselfde tydperk buitelandse universiteite besoek om hulle vaardighede op hulle onderskeie gebiede te slyp. Die lys van uitwaartse personeelmobiliteit vir 2019 verskyn in bylaag H.

Die US is ook deel van drie nuwe hoëronderrysvermoëbouprojekte wat in die siklus van 2018 toegeken is en waarvan die aanvangvergaderings aan die begin van 2019 plaasgevind het. Die drie projekte verskyn in die tabel hieronder.

**Tabel 7: US-deelname aan hoëronderrysvermoëbouprojekte**

<b>TITEL VAN DIE PROJEK</b>	<b>VENNOOTINSTELLINGS (LEIERINSTELLING)</b>	<b>KONTAKPERSOON BY US</b>
<b>VITA-GLOBAL</b> Die internasionalisering van plaaslike ontwikkeling: 'n Wêreldwye universiteitsnetwerk vir wyn- en wingerdbou	<b>Rovira i Virgili Universiteit</b> , Universiteit van Bordeaux, Nasionale Universiteit van Cuyo, Universiteit van Jujuy, Tegniese Universiteit van Georgia, Uni de la Republica, Uni de Chilecito, Kaapse Skiereiland Universiteit vir Tegnologie, Universiteit van Bologna, Universiteit van Porto, Universiteit Stellenbosch, Universidad de Talca, Universidad de Chile, Telavi-staatsuniversiteit, AUGM, ANECA, <b>OBREAL</b>	Dr E Blancquaert, Departement Wingerd- en Wynkunde
<b>Bakeng se Afrika</b> Die doel van BaAfrika is om 'n omvattende versameling digitale beelde van Suid-Afrikaners op te bou en te bestuur as 'n vermoëboululpbron om die internasionalisering van hoëronderrysinstellings te verbeter.	<b>Universiteit van Pretoria</b> , KU Leuven, Universidade de Coimbra, Universiteit van Bordeaux, Sefako Makgatho Universiteit vir Gesondheidswetenskappe, Suid-Afrikaanse Kernenergiekorporasie	Dr Mandi Alblas, Departement Biomediese Wetenskappe
<b>ImpENSA</b> Vermoëbou om die voeding en gesondheid van jong kinders in Suid-Afrika te verbeter	ADSA, Noordwes-Universiteit, Voedingsvereniging van Suid-Afrika, Universiteit Stellenbosch, Universiteit van Kaapstad, Universiteit van South Hampton, Warszawski Uniwersytet Medyczny, <b>Ludwig-Maximilians-Universität München</b>	Prof Etienne Nel, Departement Pediatrie en Kindergesondheid

## 8. DWARSLIGGENDE STEUN DEUR GEÏNTEGREERDE KOMMUNIKASIE

Benewens bogenoemde aktiwiteite, is die VS S&I ook verantwoordelik vir interne en eksterne kommunikasie met tersaaklike belanghebbendegroepes. As deel van sy interne kommunikasiefunksie het die VS 'n kernrol vervul om personeel op hoogte te hou van die proses en inwerkingstelling van Visie 2040 en Strategiese Raamwerk 2019 – 2024. Hierdie proses het gedurende 2019 voortgeduur en vaart gekry, met 'n bepaalde klem op die studentegemeenskap.

Die volgende geïntegreerde kommunikasieveldtogte is gedurende die verslagtydperk geïmplementeer:

### 8.1 #SUgrad


'n Gradeplegtigheidskommunikasieveldtog wat uit verskeie elemente bestaan, is gekonseptualiseer en geïmplementeer. Die doel was om graduandi en hulle gaste gebruikervriendelike toegang tot volledige en akkurate inligting oor alle gradeplegtighedsverwante prosesse te gee. Die veldtog het ook die US se openbare beeld versterk deur te toon dat die instelling 'n uitmuntende reeks gradeplegtighede kan reël en met sy akademiese prestasies kan spog.

Die veldtog het die volgende tot gevolg gehad:

- 'n Gestroomlynde gradeplegtighedsblad op die US-webtuiste
- 'n Inligtingsnuusbrieff wat voor die gradeplegtighede aan alle graduandi gestuur is. Die Engelse weergawe het 'n lees- en kliksyfer van 80,9% en 'n kliksyfer van 46,1% behaal. Die Engelse weergawe vir die Afrikaanse weergawe was 73,3%, en die kliksyfer 32,2%. Die lees- en kliksyfers is ver bo die bedryfsstandaard van onderskeidelik 24,6% en 2,2%.
- 'n Instruksievideo om graduandi oor die prosesse gedurende gradeplegtigheid in te lig
- 'n Suksesvolle gradeplegtighedsweek, waarvoor ons weer gastekaartjies uitgereik het om te sorg dat ons voldoen aan die voorwaardes van die Coetzenburgsentrum-veiligheidsertifikaat wat die Stellenbosse brandweer uitgereik het
- Die verspreiding van 'n gradeplegtighedsuitgawe van *news@StellenboschUni* en *nuus@StellenboschUni*. Die Engelse weergawe het 'n lees- en kliksyfer van 30,2% en 'n kliksyfer van 5,6% behaal. Die Engelse weergawe vir die Afrikaanse weergawe was 30,8%, en die kliksyfer 7,1%. Ook hierdie lees- en kliksyfers oortref die bedryfsstandaard van onderskeidelik 24,6% en 2,2%.
- Die plasing van 'n verskeidenheid artikels oor die gradeplegtighede op die US se webtuiste en sosialemediaplatforms
- Eksterne mediadekking (sien “US in die nuus”)

### 8.2 Interne kommunikasie (digitale nuusbriewe en massa-e-posse)

Twaalf uitgawes van *info@StellenboschUni* en ses uitgawes van *news@StellenboschUni/nuus@StellenboschUni* is in die verslagtydperk onder personeellede in hulle voorkeurtal versprei. Die lees- en kliksyfers van hierdie publikasies word hieronder aangetoon.



Vergeleke met die vorige verslagtydperk het die lees- en kliksyfers vir sowel die Engelse as Afrikaanse weergawes van *info@StellenboschUni* verbeter.

'n Spesiale kommuniqué oor die aandpendeldiens is op 20 Februarie 2019 in Engels en Afrikaans aan 21 643 studente gestuur. Altesaam 60,1% van ontvangers het dit gelees. Dit is 'n baie goeie leessyfer as 'n mens in gedagte hou dat nie alle studente die pendeldiens gebruik en deur ontwikkelings in dié diens geraak word nie. Lees die kommuniqué by:

<https://stellenbosch.everlytic.net/public/messages/view-online/BjGaV0WVlLbjGyCRF/ZI7UnzTxNPb4ILM3>

